

5.1 INLEIDING

Daar is reeds in hoofstuk 4 vasgestel dat die geskiedenis van die Jehovah-getuies as organisasie hulle aanspraak dat hulle deur God bestuur en beheer word weerspreek (vgl. 4.8). Die geskiedenis van die Wagtoring-organisasie het telkens bevestig dat hierdie organisasie al die eienskappe van 'n kulte soos uitgewerk in hoofstuk 2 en op die organisasie toegepas in hoofstuk 3 vertoon.

Die doel van hierdie hoofstuk oor die geskiedenis van die Jehovah-getuies se profesieë en leerstellings is om verder in te gaan op die vraag of die organisasie werklik van God is, en of dit van mense is wat hulle eie denke verkeerdlik aan God toedig en op 'n onregmatige manier Goddelike gesag aan hulle selfuitgedinkte profesieë en leerstellings wil verleen.

Die aard van die stof wat in hierdie hoofstuk behandel word en die feit dat die Jehovah-getuies hulle op die Bybel beroep vir hulle kronologieë, profesieë en leerstellings, maak dit noodsaaklik om by elke gedeelte wat behandel word, ook 'n evaluering op grond van die Bybel te gee. By die gedeelte oor die leerstellige geskiedenis van die organisasie word egter slegs enkele tendense uitgelig, aangesien die Jehovah-getuies se leerstellings in die volgende afdeling (afdeling 3) breedvoerig behandel word.

In 5.2 tot 5.4 word stilgestaan by die geskiedenis van die profesieë van die organisasie. Profesieë is 'n sterk wapen wat kultes gebruik om hulle lede aan te spoor om hard te werk vir die organisasie, aangesien die tyd vir werk haas verby is (vgl. 2.3 en 2.4). In 5.2 tot 5.4 word ingegaan op die vraag of die Wagtoring-organisasie hulle profesieë ook op die manier gebruik. Verder word daar gekyk na die wyse waarop die organisasie geloofwaardigheid aan hulle datums probeer gee deur kronologiese berekenings wat hulle op die Bybel probeer fundeer, en ook aan die bevestigings dat hulle datums reg is op grond van "die teken van die laaste dae" waarvan die Bybel praat.

In 5.5 word ingegaan op die vraag of die organisasie se wysigings van sy leerstellings wys op 'n groei in kennis wat van God verkry word of op leerstellige wipplankryery, weersprekings en eienaardige leerstellings.

In hierdie hoofstuk word nie net die vraag of die Wagtoring-organisasie die eienskappe van 'n kulte toon beantwoord nie, maar daar word ook gekyk of onchristelike tendense sigbaar is in die geskiedenis van hulle profesieë en leerstellings.

5.2 DIE KRONOLOGIE VAN DIE ORGANISASIE

5.2.1 INLEIDEND

In hierdie gedeelte (5.2) word ingegaan op die Wagtoring-organisasie se kronologiese berekenings waarmee hulle wil bewys dat die jaar 1914 die datum van die onsigbare wederkoms (of soos hulle dit stel - teenwoordigheid) van die Here Jesus is. Die argumente wat die Jehovah-getuies vir hulle kronologiese berekenings gebruik, word geëvalueer om sodoende vas te stel of die standpunt wat hulle oor hierdie datum inneem, hulle aanspraak bevestig dat hulle die enigste organisasie is wat vandag deur God beheer en bestuur word en deur Hom as kommunikasiekanaal gebruik word (vgl. 3.9.3 & 5.4.3).

Vir die gewone mens wat belangstel in geskiedenis, is die jaar 1914 die jaar waarin die Eerste Wêreldoorlog begin het. Vir die navolgers van die Jehovah-getuie-kulte het hierdie datum egter 'n veel dieper betekenis. Mense wat ingewy word in hierdie organisasie hoor dat dit die jaar is waarin Jesus in die hemel as Koning oor die aarde begin heers het - Sy koninkryk begin oprig het (WTBTS, 1982:141). Daar word ook verkondig dat hierdie jaar deur Bybelprofesie aangedui word (WTBTS, 1985a:264). Deur die organisasie se interpretasiekodes te volg, kan 'n mens leer om self te ontrafel dat dit in 1914 moes plaasgevind het (WTBTS, 1985a:209-211), al het Jesus vir Sy navolgers gesê dat dit hulle nie toekom om te weet wanneer Sy wederkoms sal wees nie (Hand. 1:6-7).

Dit is tipies van kultes om een of meer spesiale leerstelling te hê wat verskil van alle ander groepe, en wat daarom die eksklusiwiteit van die groep as enigste ware organisasie van God beklemtoon. So is dit byvoorbeeld eie aan die Mormone (oftewel "Die kerk van Jesus Christus van die heiliges van die laaste dae") om te verkondig dat die bevolking van Amerika in die tyd van Christus se omwandeling op aarde uit Israeliete bestaan het, en dat Jesus na Sy opstanding ook telkens aan hulle verskyn het.¹ Die *Moonies* (*Unification Church*) verkondig weer dat hulle leier, Sun Myung Moon, die verlosser van die wêreld is en dat Korea die Bybelse Nuwe Jerusalem is.² Die leerstelling dat Jesus in 1914 Sy koninkryk opgerig het, is dan ook dié leerstelling wat Jehovah-getuies onderskei van ander groepe en vir hulle as bewys dien dat net hulle waarlik God se organisasie is (WTBTS, 1982:186-187).³

Onder die opskrif *Waarom sê Jehovah se Getuies dat God se Koninkryk in 1914 opgerig is?* verduidelik die organisasie in sy publikasie *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:209-211) dat daar twee hoofredes is op grond waarvan tot hierdie slotsom gekom is. Die eerste is Bybelse kronologie en die tweede die sogenaamde teken van die tye (vgl. 5.3).

Wat die Bybelse kronologie betref, verduidelik die publikasie dat Jesus, wanneer Hy oor die groot verdrukking praat, in Lukas 21:24 profeteer dat "Jerusalem vertrap (sal) word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is".⁴ Daar word dan op grond van hierdie profesie van Jesus beweer dat die vertrapping reeds jare tevore begin het toe koning Nebukadneser van Babel die laaste koning van Israel, Sedekia, van die troon in Jerusalem afgehaal het, Juda in ballingskap weggevoer is en die Joodse goewerneur, Gedalja, deur sluipmoordenaars om die lewe gebring is. Uit buite-Bybelse gegewens is vasgestel dat die Jode in 537 voor Christus⁵ uit ballingskap teruggekeer het. Op grond van Jeremia 29:10 en Daniël 9:2 word dan afgelei dat die wegvoering in ballingskap en die vertrapping van Jerusalem 70 jaar vroeër moes plaasgevind het, en wel in 607 voor Christus. Die jaar 607 voor Christus word dan as Bybels betroubaar beskryf, wat beteken dat (hoewel dit bloot hulle interpretasie van gegewens is) enige verskil hiermee volgens die organisasie neerkom op 'n verwerping van die Bybel.

Op die vraag hoe die tyd dan tot by 1914 bereken word vir die troonbestyging van Jesus en die herstel van God se aardse koninkryk, stel *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:210) dat dit 2520 jaar na Oktober 607 voor Christus gebeur het en wel in Oktober 1914.

Die Wagtoring-publikasie *Jy kan vir ewig in die Paradijs op aarde lewe* (WTBTS, 1982:138-141) verduidelik waar die organisasie daaraan kom dat Jerusalem se vertrapping 2520 jaar sou duur. Van Nebukadneser se droom in Daniël 4, waarvolgens hierdie heidense koning (uitgebeeld deur 'n boom wat afgekap sou word) vir sewe tydperke nie sou heers nie, word beweer dat dit op God se aardse heerskappy betrekking sou hê en beteken "dat daar 'sewe tydperke' sou wees waartydens God se heerskappy, soos voorgestel deur die 'boom', nie oor die aarde uitgeoefen sou word nie (Dan. 4:16, 23)".

Op grond van Openbaring 12:6 en 14 word uitgewerk dat 'n tydperk 360 dae lank is. Sewe tydperke sou dan 2520 dae wees. Die publikasie lei vervolgens op grond van Numeri 14:34 en Esegieël 4:6 af dat dit 'n "Bybelse reël" is dat 'n mens "'n dag vir 'n jaar" moet reken. Volgens hierdie reël kan sewe tydperke na 2520 jaar herlei word. 2520 jaar na Oktober 607 voor Christus bring 'n mens by Oktober 1914 uit.

5.2.3 DIE GESKIEDENIS VAN KRONOLOGIESE BEREKENINGS

Bogenoemde metode om uit te werk wanneer die Here se *parousia* (normaalweg vertaal as "wederkoms", maar deur die Wagtoring-organisasie Jesus se "troonbestyging" of "teenwoordigheid" genoem) sal wees, is niks nuuts nie. Al dui die Here Jesus herhaaldelik aan dat die kennis oor wanneer dit sal plaasvind die mens nie toekom nie (Hand. 1:6, 7) en dat Sy koms heeltemal onverwags sal wees (Matt. 24:36, 44, 50; 25:1-13, 31-33), was daar die afgelope eeue heelwat mense wat voorgegee het (en steeds voorgee) dat hulle wel hierdie inligting het. Nie net is dit 'n verwerping van wat die Here self leer nie, maar hierdeur stel hulle hulleself op dieselfde vlak as God die Vader wat volgens die Here Jesus al Een is wat weet wanneer dit sal gebeur (Matt. 24:36). Selfs nie die engele van die hemel kan dit uitwerk nie, maar adventistegroepe, waaronder die Wagtoring-organisasie, glo hulle kan dit doen. Nodeloos om te sê dat hierdie "voorspellings" telkens verkeerd bewys is.

Dit was die eerste president van die Wagtoring-organisasie, Russell, wat op grond van bogenoemde sogenaamde Bybelse kronologie, reeds teen die einde van die vorige eeu voorspellings ten opsigte van 1914 begin maak het (vgl. 5.4.4 en 5.4.5). Die idee vir hierdie voorspellings kom egter nie van hom nie. In sy boek *The Gentile Times Reconsidered* wys Carl Olof Jonsson (1986:13-40)⁶ daarop dat die idee om 'n dag vir 'n jaar te reken in Bybelfrofesieë soos dié van Daniël, sy oorsprong by Joodse rabbi's soos Akibah ben Joseph (50-132 na Christus), Nahawendi en Saaidia ben Joseph (negenste eeu na Christus), Solomon ben Jeroham (tiende eeu), Rashi (1040-1105) en andere gehad het. Dit is veral gebruik om uit te werk wanneer die Messias sou kom. Gewilde voorspellings vir die koms van die Messias op grond van hierdie sogenaamde Bybelse kronologie, was die jaar 1358 of 1352 (Jonsson, 1986:14).

Die eerste Christen-verklaarder wat, sover bekend, onder die invloed van die Joodse rabbi's met hierdie "jaar-dag-beginsel" begin werk het om die langer periodes van Daniël en Openbaring mee te verklaar, was Joachim van Floris (1130-1202). Heelwat Christene het hom tot laat in die negentiende eeu hierin nagevolg. Op grond van Openbaring 11:2-3 is afgelei dat die tyd van vertrapping van die heilige stad Jerusalem waarna Jesus verwys in Lukas 21:24, 1260 jaar sal wees. Ander weer (waaronder Arnold van Villanova en Walter Brute) het die tyd van vertrapping deur die heidennasies op grond van Daniël 12:11 bereken as 1290 jaar. Die begin van die vertrapping is dan vasgestel as 70 na Christus met die verwoesting van Jerusalem, en die einde daarvan 1260 of 1290 jaar later (Jonsson, 1986:15-17).

Soos die tyd al die voorspellings op grond van die sogenaamde Bybelse kronologie as onwaar bewys het, is telkens verskuiwings aangebring aan die berekenings of die tyd

wanneer die berekenings moes begin. Een so 'n voorspelling was dié van George Bell waarin hy die pous beskryf het as die verpersoonliking van hulle wat die heilige stad Jerusalem vertrap. Hy het 1260 jaar by 537 na Christus getel en so uitgewerk dat die pous moontlik in die jaar 1797 tot 'n val sou kom. Kort daarna is die pous dan ook, teen die agtergrond van die Franse rewolusie, deur Franse troepe gevange geneem en weggestuur in ballingskap. Van die tyd af is 1798 deur verskeie adventistiese groepe, asook deur Charles Taze Russell en sy volgelinge, gehandhaaf as die vervulling van die 1260 jare waarna Openbaring 11:2-3 sou verwys (Jonsson, 1986:18).

John Aquila Brown was die eerste persoon sover bekend wat, soos die Wagtoring-organisasie vandag ook leer, gereken het dat die tydperk van die vertrapping van Jerusalem waarvan Jesus in Lukas 21:24 praat, 2520 jaar lank was. In sy tweevolumewerk van 1823, *The Even-Tide*, beweer hy dat die sewe tydperke waarvan in Daniël 4 melding gemaak word, 'n periode van 2520 jaar was. Jonsson wys op heelwat mense wat hierdie idee van 'n periode van 2520 jaar nagevolg het in die vorige eeu, en afhangende van die tyd waarop die vertrapping van Jerusalem sogenaamd sou begin, uitgewerk het wanneer die wederkoms moes wees. So het W.A. Holmes die tyd van vertrapping begin bereken vanaf die gevangeneming van Manasse in 685 voor Christus, en deur 2520 jaar daarby te tel by die jare 1835-1836 uitgekom. Sedert 1840 het die idee dat die vertrapping 2520 jaar geduur het deur die invloed van mense soos William Miller onder baie Amerikaners posgevat (Jonsson, 1986:21-24).

Twee mense op wie Miller se idees groot invloed uitgeoefen het, was George Storrs en Nelson H. Barbour. Beide hierdie persone het op hulle beurt groot invloed op C.T. Russell uitgeoefen. Dit is Barbour wat met die jaar 1873 na vore gekom het as die datum vir die wederkoms van Christus. Vir bykans die helfte van die Wagtoring-organisasie se bestaan, sou die organisasie die datum 1873/74 sien as die tyd van Christus se *parousia*. Toe Christus egter nie kom nie, verander Barbour nie aan sy datum nie, maar sê dat Christus se koms (of eerder teenwoordigheid) nie as 'n sigbare koms beskou moet word nie. Christus is sedert Oktober 1874 onsigbaar teenwoordig. Die einde van die vertrapping deur die heidense nasies bereken Barbour in die September 1875-uitgawe van die *Herald of the Morning* as 1914 (Jonsson, 1986:24-27).

Hierdie idees van Barbour het 'n bepalende invloed uitgeoefen op die stigter van die Wagtoring-organisasie, C.T. Russell.⁷ In *Die Wagtoring* van 15/07/1906 (pp. 230-231) vertel Russell dat hy en Barbour mekaar in 1876 in Philadelphia ontmoet het, en dat Barbour aan hom bewys het dat 1874 die datum is waarop die "teenwoordigheid" van die Here Jesus en die (veertig) oesjare begin het. Tot vandag toe word die denke van die Wagtoring-organisasie oor die *parousia* (onsigbare teenwoordigheid) van Jesus en die

hantering van Bybelse kronologie grootliks beïnvloed deur die leerstellings van Barbour en diegene by wie hy op sy beurt geleer het.

Die leerstellings wat die Wagtoring-organisasie vandag verkondig oor die tydperk van die heidense nasies en die berekenings van wanneer die troonbestyging van Jesus sou plaasvind, is nie iets godgegewe en eie aan hulle organisasie soos wat hulle graag aan hulle slaafse lede sou wou voorgee nie. Dit is idees (soos die jaar-dag-beginsel) wat hulle oorsprong by Joodse rabbi's gehad het en wat tot vandag toe aanhoudende aanpassings ondergaan het, om telkens die *parousia* van die Here soos die spreekwoordelike wortel voor die mense se neuse te hou. Dat Christus se koms of teenwoordigheid onsigbaar was, is nie 'n leerstelling wat God aan Russell en die organisasie geopenbaar het nie, maar is 'n aanpassing wat navolgers van Miller en later Barbour noodgedwonge moes maak om nie as valse voorspellers gebrandmerk te word nie.

5.2.4 DIE KRONOLOGIESE BEREKENINGS VAN DIE ORGANISASIE GEWEEG

5.2.4.1 Inleidend

Uit die geskiedenis van die interpretasie van Bybelse kronologie blyk duidelik dat die Wagtoring-organisasie se sogenaamde onfeilbare berekenings as sou dit self Bybelse gesag gehad het, blote interpretasie is, geskoei op aannames van verskillende mense deur die geskiedenis. In die lig hiervan kan hierdie kronologiese berekenings en aannames van die organisasie nou geweeg word.

5.2.4.2 Verwoesting van Jerusalem - toekoms of verlede?

Die eerste saak wat geweeg moet word, is of Jesus in Lukas 21:24 wel na die verwoesting van Jerusalem deur Nebukadneser verwys soos die organisasie glo. Hierdie verwoesting het om en by 600 jaar voor Jesus se uitspraak in Lukas 21 plaasgevind. Ondertussen is Jerusalem en die tempel daar wel weer herbou deur die terugkerende ballinge, en is die tempeldiens weer ingestel (Esra 1-10; Nehemia 1-13).

As 'n mens Lukas 21:24 in samehang met die hele hoofstuk lees, is dit baie duidelik dat Jesus hier na 'n toekomstige verwoesting van Jerusalem verwys, en nie na iets wat in die verlede gebeur het nie. Die aanloop vir die uitspraak vind 'n mens in verse 5-7 van die hoofstuk waar Jesus na die tempel wys en sê dat dit heeltemal verwoes sal word. Hy word dan gevra wanneer dit sal plaasvind. In vers 20 sê Hy dat wanneer leërs Jerusalem omsingel, hulle moet weet dat sy verwoesting naby is. In die volgende vers gee Jesus selfs opdrag dat die inwoners van Juda en spesifiek Jerusalem dan moet vlug om so die

verwoesting vry te spring. Vers 24 beklemtoon dat wanneer hierdie verwoesting plaasvind, Jerusalem vertrap sal word deur die nasies, en dat dit sal voortduur totdat die tye van die nasies vervul is.

Dit is hieruit duidelik dat Jesus bedoel dat die begin van die verwoesting in die toekoms lê, en NIE (soos die Wagtoring-organisasie leer) in die verlede toe Jerusalem deur Nebukadneser verwoes is nie. Dit word algemeen aanvaar dat die verwoesting wat Jesus hier in Lukas 21 voorspel, in 70 na Christus plaasgevind het toe die Romeinse leërs die stad en die tempel verwoes het, inwoners vir hulle lewe gevlug het en waarskynlik meer as 'n miljoen inwoners omgekom het.⁸ Die Wagtoring-organisasie wil egter nie hulle kronologiese berekening vanaf 70 na Christus begin nie, want dit sal hulle by die jaar 2590 uitbring, 'n datum wat te ver in die verskiet lê. Met so 'n datum sal hulle hulle lede nie soos tans kan motiveer met die dreigement dat die voleinding enige oomblik (nog in die lewe van mense wat voor 1914 gebore is) sal kom nie.

5.2.4.3 Verwoesting - 607 of 587/586 voor Christus?

'n Tweede saak wat geweeg moet word, is of die verwoesting van Jerusalem deur Nebukadneser wel in 607 voor Christus plaasgevind het. Die Wagtoring-organisasie maak hulle berekenings op grond van die datum 537 voor Christus, die jaar waarin die Jode uit ballingskap teruggekeer het. Hierdie datum bereken hulle nie op grond van Bybelse gegewens nie, maar hulle verkry dit uit wetenskaplik nagevorsde buite-Bybelse gegewens.⁹ Op grond van sekere Bybelse gegewens word dan aanvaar dat die verwoesting van Jerusalem 70 jaar vroeër en wel in 607 voor Christus plaasgevind het.

Die probleem waarmee die organisasie tans te doen het, is dat ontdekkings wat sedert Russell se tyd gemaak is met selfs nog groter wetenskaplike sekerheid as in die geval van die 537 voor Christus-datum, die tydperk 587/586 voor Christus uitwys as die tyd dat Jerusalem deur die magte van Babel vernietig is.¹⁰ Hierdie datum sal hulle egter volgens hulle berekenings bring by 1934 of 1935 toe daar nie iets so ingrypend soos 'n wêreldoorlog begin het nie, en wat dus nie so maklik aan hulle lede en ander mense as korrek voorgestel sal kan word nie.¹¹ Daarom word die datum 587/586 voor Christus selfs teen die oorwig van getuïenis¹² met hand en tand beveg, terwyl die datum 607 voor Christus met Bybelse gesag beklee word.

'n Eerlike oorweging van al die gegewens rondom die wetenskaplike vasstelling van wanneer die verwoesting van Jerusalem deur Nebukadneser plaasgevind het, wys dat die standpunt waaraan die Wagtoring-organisasie so krampagtig vashou sedert die einde van die vorige eeu, nie die toets van die tyd en al die nuwer opgrawings en ontdekkings

kon deurstaan nie. Soos die naam "Jehovah" wat eers beskou is as die regte weergawe van die verbondsnaam Jahweh en waaraan die organisasie op allerhande maniere probeer vashou, is die datum 607 voor Christus ook as 'n verkeerde aanname bewys. Die Wagtoring-organisasie kan dit egter nie erken nie, omdat dit sy kardinale leerstelling in verband met 1914 in gedrang sal bring.

5.2.4.4 Verwoesting - 70 jaar voor 537 voor Christus?

'n Derde saak wat geweeg moet word, is die feit dat die Wagtoring-organisasie op grond van sekere Bybelse gegewens tot die slotsom kom dat die verwoesting van Jerusalem 70 jaar voor 537 voor Christus plaasgevind het. Vir hierdie 70 jaar beroep die organisasie hulle in hulle publikasie *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:210) op Jeremia 29:10 en Daniël 9:2, en in hulle publikasie *Insight on the Scriptures* (WTBTS, 1988a:463) op Jeremia 25:8-11, Daniël 9:2 en 2 Kronieke 36:20-23. Die probleem is egter dat buite-Bybelse gegewens daarop dui dat die verwoesting van Jerusalem in 587/6 voor Christus plaasgevind het, en die terugkeer van die ballinge in 537 voor Christus - dus 50 jaar uit mekaar uit. Voordat besluit word of een van bogenoemde buite-Bybelse datums dalk verkeerd is, moet eers gekyk word of die Wagtoring-organisasie se uitleg van die Bybeltekste waarop hul beroep, korrek is.

In Jeremia 25:8-12 staan dat God Sy verskriklike oordeel oor sy volk Israel, sowel as oor die omliggende nasies gaan voltrek deur Nebukadneser, die koning van Babel (vs. 9). Twee dinge sal volgens vers 11 gevolge hiervan wees: die land Juda sal verwoes word; en Juda en die nasies rondom hulle sal vir 70 jaar lank die koning van Babel moet dien (vgl. ook vs. 15 e.v.), totdat Babel se heerskappy deur 'n ander groot moondheid omvergegooi word (vs. 12-14).

Die Wagtoring-organisasie gee voor dat die 70 jaar diens aan die koning van Babel met die verwoesting van Jerusalem begin het. Die Bybel is egter baie duidelik daaroor dat Juda en die omliggende volkere reeds voor die vernietiging van Jerusalem deur koning Nebukadneser van Babel oorwin is en gedwing is om hom te dien. So lees 'n mens in 2 Konings 24-25 en 2 Kronieke 36 dat koning Nebukadneser van Babel teen Juda wat onder leiding van koning Jojakim staan, optrek en hulle oorwin. Na drie jaar van diens aan Babel kom Jojakim in opstand teen Nebukadneser. Nebukadneser onderdruk die opstand en vat Jojakim geboeid na Babel. In sy plek word sy seun Jojagin koning van Juda. Na slegs drie maande word hy ook deur Nebukadneser verslaan en word hy en al die ryk en belangrike mense van Juda, asook al die tempelskatte, na Babel weggevoer. Slegs die arm mense van die land bly oor. Nebukadneser stel Mattanja, Jojagin se oom wie se naam na Sedekia verander is, oor hulle aan. Sedekia rebelleer egter ook teen

Babel, al het Jeremia hom gewaarsku om dit nie te doen nie, maar om Babel te bly dien (Jer. 27:1-22). Na elf jaar van sy regering word Jerusalem (insluitende die tempel en die koning se paleis) deur Nebukadneser tot op die grond afgebrand, die mure van die stad word omgegooi, en Sedekia word met die res van die volk na Babel weggevoer. Net 'n klompie arm inwoners van die land word agtergelaat as wynboere en landbouers. Hulle vlug later na Egipte.

Daar het dus heelwat jare verloop vandat Juda en die omliggende nasies deur Nebukadneser aan Babel onderwerp is tot die verwoesting van Jerusalem. Jerusalem is eers verwoes nadat Juda herhaaldelik in opstand gekom het teen hulle onderworpenheid aan Babel. Die 70 jaar onderworpenheid aan Babel moet dus bereken word vandat Juda aan Nebukadneser onderwerp is en nie eers vanaf die verwoesting van Jerusalem omtrent twee dekades later nie!

In Jeremia se profesie, wat die Wagtoring-organisasie dus verkeerdlik aanhaal as bewys dat die verwoesting van Jerusalem in 607 voor Christus plaasgevind het, word gesê dat die 70 jaar van diens aan Babel sal eindig wanneer Babel deur ander nasies oorwin word. Die terugkeer van Juda uit ballingskap in 537 voor Christus is dus nie die datum waarop die 70 jaar van diens aan Babel sou eindig soos die Wagtoring-organisasie voorgee nie, maar wel twee jaar vroeër in 539 voor Christus toe koning Belsasar van Babel doodgemaak is en Darius die Meder beheer oor die uitgestrekte koninkryk oorgeneem het (Dan. 5:29 - 6:1).¹³ Volgens buite-Bybelse gegewens het Babel in 610/609 voor Christus die wêreldmag by Assirië oorgeneem, en is Juda en die omliggende nasies reeds in 609 voor Christus onder heerskappy van Babel gebring met Nebukadneser wat self vanaf 605 voor Christus Judese ballinge na Babel begin neem het.¹⁴ Die heerskappy van Babel oor Juda en die omliggende nasies het dus omtrent 70 jaar geduur (609-539 voor Christus), die meeste van die tyd onder die heerskappy van koning Nebukadneser. Die verwoesting van Jerusalem het egter eers in 587/6 voor Christus plaasgevind na die herhaalde opstand van Juda teen hulle onderworpenheid aan Babel. Jeremia 25 se profesie is dus heeltemal in lyn met buite-Bybelse gegewens. Die Wagtoring-organisasie se verkeerde interpretasie daarvan daarenteen is in stryd met al die wetenskaplik bewese buite-Bybelse gegewens.

Dieselfde geld ook wat die Wagtoring-organisasie se beroep op Jeremia 29:10 betref. Hier kondig die Here deur Jeremia aan dat Juda na die 70 jaar van Babeloniese heerskappy, weer na hulle land sal kan terugkeer. Deur aan die vertaling te peuter, probeer die Wagtoring-organisasie voorgee dat hier staan dat Juda eers na 70 jaar in ballingskap te Babel sal terugkeer. Die Afrikaanse vertaling (1933/53) van die Bybel gee baie goed rekenskap van wat daar in die Hebreeus in hierdie vers staan, naamlik: "As eers sewentig jaar vir Babel verby is, sal Ek op julle ag gee . . ." Die *New World*

Translation van die Wagtoring-organisasie vertaal egter die "vir Babel" met "at Babilon". Smit (1992:28) wys heeltemal tereg daarop dat hierdie vertaling van die Wagtoring-organisasie nie so geduld kan word nie, "aangesien die Hebreeuse *le* met 'vir/aan/tot' vertaal moet word en nie met 'by' nie".¹⁵

In **Daniël 9:1-2** lees 'n mens dat Daniël met die skielike omverwerping van die heerskappy van Babel besef het dat bogenoemde profesieë van Jeremia in vervulling gegaan het. Die 70 jare van *verwoesting* (of *puinhoop*)¹⁶ in Jerusalem is verby. Hierdie *puinhoop* dui op herhaalde gebeurtenisse en nie op 'n eenmalige gebeurtenis soos wat die Wagtoring-organisasie dit interpreteer nie. Dit het begin toe Babel Juda die eerste keer onderwerp het en aangehou telkens as die volk hulle verset het, tot by die finale vernietiging nadat Sedekia teen Babel gerebelleer het. Daniël besef dat hulle nou sal kan teruggaan na hulle land. As hulle God aanroep en tot Hom bid, sal Hy na hulle luister, en hulle terugbring na hulle land vanwaar hulle in ballingskap gegaan het (Jer. 29:10-14). Daarom bid Daniël hier ernstig tot God (Dan. 9:4-21).

Die ander gedeelte waarna die Wagtoring-publikasies verwys as bewys dat 607 voor Christus die korrekte datum vir die verwoesting van Jerusalem is, **2 Kronieke 36:20-23**, moet in dieselfde lig beoordeel word. Die tyd wat Juda braak gelê het, is 'n vervulling van Levitikus 26:14-39 (veral vs. 34-35) waar gesê word dat ballingskap en die feit dat die lande onbewerk sal lê as gevolg daarvan, die straf sal wees vir die nienakoming van God se sabbatsopdragte. Die 70 jaar van heerskappy deur Babel is voltrek soos wat Jeremia voorspel het, toe Darius die Meder die regeerder van Babel geword het (Noordtjiz, 1938:390-391). Hy is gou opgevolg deur Kores (oftewel Cyrus), die koning van Persië. In die eerste regeringsjaar van Kores gee hy die Jode geleentheid om na Juda terug te keer (2 Kron. 36:22-23; Esra 1:1 e.v.).

Samevattend kan wat hierdie derde punt van oorweging betref, gesê word dat die Bybel nie leer dat daar 70 jaar verloop het tussen die finale verwoesting van Jerusalem in die elfde regeringsjaar van Sedekia en die Jode se terugkeer uit ballingskap nie. Volgens die profesieë van Jeremia was daar egter wel 70 jaar van oorheersing deur Babel en diens van Juda aan Babel. Teen hierdie oorheersing is egter, in stryd met die opdrag van God deur Sy profeet Jeremia, telkens in opstand gekom, met die gevolg dat daar herhaalde kere teen Juda opgetree is en Jerusalem uiteindelik tot op die grond afgebrand is. Die wetenskaplik bewese datums vir hierdie gebeure, naamlik die finale verwoesting van Jerusalem in 587/6 voor Christus en die omverwerping van Babel se heerskappy in 539 voor Christus, is dus eerder in lyn met die Bybel as in stryd daarmee soos wat die Wagtoring-publikasies beweer.

Die vierde saak wat oorweeg moet word, is of dit reg is van die Wagtoring-organisasie om die boom in Nebukadneser se droom te verbind met die aardse heerskappy van God. Hier kry 'n mens een van die mees flagrante gedagtespronge wat net binne 'n outokratiese kultegemeenskap geduld en selfs aktief verkondig kan word. Op bladsy 138 van die organisasie se publikasie *Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe* (WTBTS, 1982:138) word die volgende interpretasie van Daniël 4:10-37 gemaak: "Daar word 'n reusagtige, toringhoë boom gebruik om koning Nebukadneser van Babilon af te beeld." Op net die volgende bladsy (WTBTS, 1982:139) verskyn daar 'n skets van hierdie boom met die onderskrif: "Die hoë boom in Daniël hoofstuk 4 stel goddelike heerskappy voor. Dit is 'n ruk lank deur middel van die koninkryk van Juda uitgeoefen." Op die daaropvolgende bladsy (WTBTS, 1982:140) word gesê dat die boom "God se heerskappy" afbeeld en dat hierdie heerskappy weer deur Christus herstel sal word.

As Daniël 4 egter gelees word, is dit duidelik dat dit hier gaan oor 'n heidense koning wat homself in trots verhef het (verse 25, 27, 30, 37; vgl. Aalders, 1951:98-37), en daarom deur God vir 'n tydperk verneder is. Na "sewe tydperke" is die koningskap aan hom teruggegee. Dit het geen, maar geen verband met God se volk of met Sy aardse heerskappy nie, en nog minder dui die einde van Nebukadneser se straf oor sy sonde op Christus se *parousia* of troonbestyging oor Sy koninkryk. Met hierdie manier van "eksegese" kan 'n mens enigiets uit die Bybel "bewys".

Die vyfde aspek wat oorweeg en geweeg moet word, is die verbinding wat die Wagtoring-organisasie maak tussen Daniël 4 en Openbaring 12:6 en 14. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat die lengte van 'n "tydperk" en 'n "tyd" waarvan die onderskeie gedeeltes praat, presies dieselfde is, naamlik 360 dae. Die "sewe tydperke" waarvan Daniël praat, sou dan hiervolgens 2520 dae wees.

Daar is egter geen rede waarom die lengte van 'n "tydperk" en 'n "tyd" in die twee gedeeltes dieselfde moet wees nie. Aalders (1951:96) gee in sy kommentaar op Daniël toe dat daar 'n goeie moontlikheid is dat die tydperke in Daniël 4 op jare kan dui, maar sê ook dat dit ewe goed op maande of weke kan dui. Omdat daar nie spesifiek gesê word hoe lank elk van die "sewe tydperke" is nie, is dit niks anders nie as inlees in die Bybel om aan die "sewe tydperke" 'n waarde van 2520 dae toe te ken soos wat die Wagtoring-organisasie maak.

5.2.4.7 Is die jaar-dag-beginsel 'n Bybelse reël?

Die sesde aspek wat oorweeg moet word ten opsigte van die Wagtoring-organisasie se kronologieë, is of dit werklik 'n Bybelse reël is dat 'n dag vir 'n jaar gereken moet word, soos wat hulle publikasie *Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe* (WTBTS, 1982:141) beweer. Vir hierdie sogenaamde reël word 'n beroep op Numeri 14:34 en Esegël 4:6 gedoen.

Daar is reeds op gewys dat hierdie manier van "eksegese", naamlik om 'n dag waarna die Bybel verwys as 'n jaar te reken, nie in die Bybelse tyd of direk daarna bekend was nie. Dit is in die Middeleeue ontwikkel deur Joodse rabbi's en later deur Christene oorgeneem (vgl. 5.2.3).

In Numeri 14:34 sê God dat Hy Israel straf omdat hulle na Egipte wou teruggaan nadat hulle die land Kanaän verken het. As straf moet hulle 40 jaar in die woestyn deurbring, een jaar vir elke dag wat hulle die land verken het. Hier is geen sprake daarvan dat God 'n reël instel dat wanneer die Bybel in profesieë van dae praat, dit eintlik jare beteken nie. Die teendeel is eerder waar, want as hier van dae gepraat word, word niks anders as dae bedoel nie, en as hier van jare gepraat word, word jare bedoel. Die Israeliete sou 40 jaar in die woestyn swerf en 40 jaar het hulle in die woestyn geswerf, nie 40 keer 360 jaar nie.

Dieselfde argument geld ook die ander Skrifberoep van die organisasie vir hulle jaar-dag-beginsel, naamlik Esegël 4:6, waar daar dae bedoel word as daar van dae gepraat word en jare as daar van jare gepraat word.

As die jaar-dag-beginsel werklik 'n Bybelse reël is soos wat die Wagtoring-organisasie beweer, moet dit blyk uit ander profesieë wat ook so vervul is. Die teendeel is egter telkens waar! So sê God in Genesis 7:4 aan Noag dat Hy dit sewe dae later op die aarde sou laat reën vir 40 dae en nagte lank. Presies so het dit dan ook gebeur (Gen. 7:10, 17). As Noag die dae as jare geïnterpreteer het, was hy diep in die moeilikheid.

Aan Abram sê God dat hulle 400 jaar lank in 'n vreemde land verdruk sou word (Gen. 15:13). Gelukkig vir die Israeliete was dit nie 400 maal 360 jaar nie, maar het God met 400 jaar presies dit bedoel wat Hy gesê het (Eks. 12:40-41).

So kan nog baie meer voorbeelde genoem word om te bewys dat die dag-jaar-beginsel van die Wagtoring-organisasie geen Bybelse reël is soos wat hulle glo nie. Hulle self interpreteer die 70 jaar waarvan Jeremia praat (25:11-12; 29:10) as baie letterlik 70 jaar en nie 70 maal 360 jaar nie.

Die inkonsekwentheid van die Wagtoring-organisasie se toepassing van die sogenaamde Bybelse reël dat 'n dag 'n jaar beteken, blyk ook duidelik daaruit dat hulle hierdie reël verander sodat 'n dag 'n 1000 jaar beteken wanneer dit hulle pas. Hulle doen dit in die geval van die oordeelsdag. Die publikasie *Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe* (WTBTS, 1982:175-176) beweer dat die oordeelsdag "nie 'n letterlike dag van 24 uur" sal wees nie, maar dat dit "1000 jaar lank" sal wees. Hierby kan ook nog gevoeg word dat "een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag" (2 Pet. 3:8) en so kan 'n nuwe sogenaamde Bybelse beginsel geskep word, naamlik dat een dag in profesieë 1000 jaar beteken.

Uit bogenoemde blyk duidelik dat die dag-jaar-beginsel van die Wagtoring-organisasie nie Skriftuurlik verantwoordbaar is nie. Die beginsel is geskep omdat dit hulle leer pas dat uitgewerk kan word wanneer Jesus se *parousia* sal wees, terwyl die Here Jesus self sê dat dit geen mens toekom "om die tye en geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie" (Hand. 1:6). Ook hierdie sesde aspek waarop die organisasie se kronologieë rus, is dus geweeë en heeltemal te lig bevind.

5.2.4.8 Gevolgtrekking

Uit alles wat hierbo oor die Wagtoring-organisasie se kronologieë gesê is, kan geen ander gevolgtrekking gemaak word as dat 1914 as die organisasie se datum vir die *parousia* van die Here Jesus nie net vals is nie, maar ook dat die berekeninge wat gedoen is 'n verskriklike verdraaiing van die Skrif en Skriftuurlik verantwoorde beginsels vir die uitlê daarvan is:

- * In Lukas 21:24 verwys Jesus na 'n toekomstige verwoesting van Jerusalem en die tempel en nie na een wat reeds om en by 600 jaar vantevore plaasgevind het soos die Wagtoring-organisasie wil voorgee nie.
- * Uit wetenskaplik bewese buite-Bybelse gegewens is dit duidelik dat die finale verwoesting van Jerusalem in 587/6 voor Christus plaasgevind het, en nie soos die Wagtoring-publikasies beweer in 607 voor Christus nie.
- * Die 70 jaar waarvan in Jeremia se profesieë melding gemaak word, beskryf die tydperk wat Babel oor Juda geregeer het (609-539 voor Christus) en nie die tyd vanaf die finale verwoesting van Jerusalem tot met die terugkeer van die ballinge onder Kores die Pers, soos die Wagtoring-organisasie beweer nie. Die Bybelse gegewens en buite-Bybelse gegewens oor hierdie saak korreleer dus baie goed met mekaar.

- * Dit is 'n ongegronde, flagrante gedagtesprong om die regering van die heiden Nebukadneser as tipe van God se aardse heerskappy voor te stel, soos die Wagtoring-organisasie doen om by hulle 1914-datum uit te kom.
- * Daar is geen werklike bewys dat die sewe tydperke waarvan in Daniël 4 gepraat word, sewe "jare" van 360 dae elk beteken nie.
- * Dit is beslis nie 'n Bybelse reël, soos die Wagtoring-organisasie beweert, dat 'n dag vir 'n jaar gereken moet word in profesieë nie. Die Wagtoring-organisasie is self nie konsekwent met hierdie reël nie, maar gebruik dit net wanneer dit hulle pas.

5.2.5 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Uit alles wat in punt 5.2 uitgewys is, blyk dit duidelik dat daar hoegenaamd geen Bybelse aanduiding is dat daar enigiets belangriks in 1914 sou gebeur nie. Dat die datum enigins in Russell se profesieë voorgekom het, was die gevolg van 'n verkeerde hantering van Bybelse gegewens, op grond van kronologiese berekenings wat van ander oorgeneem is. Dat Christus se koms of teenwoordigheid onsigbaar was, is nie 'n leerstelling wat God aan Russell of die organisasie geopenbaar het nie, maar is 'n aanpassing wat adventiste moes maak om nie as valse voorspellers gebrandmerk te word nie.

Die Jehovah-getuies se aanspraak dat hulle organisasie deur God beheer en bestuur en deur Hom as kommunikasiekanaal gebruik word, word weersprek deur hulle valse berekenings en verkeerde gebruik van die Skrif waarop hulle hulle voorspellings grond. Voordat op die voorspellings ingegaan word (in 5.4), word daar nou eers gekyk na die tekens wat volgens die organisasie hulle 1914-datum bevestig.

5.3 DIE TEKEN VAN DIE LAASTE DAE

5.3.1 INLEIDEND

In hierdie onderafdeling word ingegaan op die dinge wat die Wagtoring-organisasie as teken sien dat die mensdom in 1914 die laaste dae ingegaan het. Daar sal gekyk word na wat die Bybel leer aangaande die "teken van die laaste dae", asook of daar werklik sedert 1914 'n duidelike toename in dinge soos aardbewings, oorloë, hongersnood en allerhande ander gruwels was. So kan vasgestel word of daar enige gronde is vir die Jehovah-getuies se beskouing dat hierdie datum so uiters belangrik is.

5.3.2 AGTERGROND

In Matteus 24:3 lees 'n mens dat die dissipels van die Here Hom vra "... wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?" Jesus wys dan op verskillende dinge wat sal plaasvind voordat Hy weer sal kom, en wat as teken sal dien dat Sy koms naby is. Dit sluit dinge in soos valse leraars wat in die naam van Christus sal kom, oorloë en die verskrikking wat dit meebring, hongersnood, pessiëktes, aardbewings, vervolging van Christene, die vermeerdering van ongeregtigheid, die afkoeling van liefde, maar ook die verkondiging van die evangelie aan al die nasies in die hele wêreld (Matt. 24:4-14). Dit alles sal plaasvind voordat die Here kom (Matt. 24:27, 30-33, 37-44).

Deur die geskiedenis het hierdie verse baie mense aangegryp, soos dit vandag steeds doen. Mense wil graag glo dat hierdie grootse gebeurtenisse in hulle leeftyd plaasvind en sal plaasvind. Daarom het daar deur die geskiedenis menige boeke verskyn wat "bewys" het dat die eindtye waarvan Jesus onder andere in Matteus 24 melding maak in hulle tyd ingegaan is, en hierdie boeke is deur baie mense verslind en geglo. Die gevolg is dat sogenaamde apokaliptiese godsdienste baie mense aanspreek, veral ook diegene wat weens persoonlike of ander trauma negatief teenoor die wêreld ingestel is.

Watters (1992b:9-10), wat self lank in soortgelyke idees vasgevang was, wys daarop dat uitsprake reeds vroeg in die Nuwe-Testamentiese kerk gevind word dat die akkumulasie van die dinge waarvan die Here in Matteus 24 en elders praat, wys dat Sy koms en die eindoordeel enige oomblik sal aanbreek. Hy verwys na die kerkvader Ciprianus wat al in die derde eeu gesê het dat die oordeelsdag vinnig nader kom as 'n mens kyk na die toename in oorloë, dood, hongersnood, siektes, pestilensies en allerhande euwels wat die mensdom tref (*Treatise 5, An Address to Demetrianus*). In die sesde eeu weer wys pous Gregorius die Grote daarop dat die dinge wat Jesus noem as teken van die laaste dae nog nooit te vore so gebeur het as in sy tyd nie (aangehaal uit *His Appearing and His Kingdom* van T.F. Glasson). Dit is dus niks nuuts vir mense om te glo dat iets groots soos die voleinding in hulle leeftyd sal gebeur nie.

Die stigter en jarelange leier van die Wagtoring-organisasie, Charles Taze Russell, het geleer dat die teken wat Jesus in Matteus 24:29 noem ten opsigte van die son, maan en sterre, reeds vervul is in twee gebeurtenisse wat in 1780 en 1833 plaasgevind het. Hy het beweer dat die laaste dae in 1799 begin het en dat die voleinding van die wêreld in 1914 sou plaasvind (vgl. 4.5).¹⁷ Vandag leer die Wagtoring-organisasie egter dat Jesus onsigbaar gekom het in 1914, dat die laaste dae toe aangebreek het, dat die vervulling van dit wat as teken in Matteus 24 en ander plekke beskryf word sedert 1914 plaasvind,

en dat die voleinding sal plaasvind nog in die lewe van die geslag wat voor 1914 gebore is.

Die Wagtoring-organisasie skei die koms (*parousia*) van die Here en die voleinding van die wêreld van mekaar in hulle publikasies.¹⁸ Hoewel Jesus kort voor Sy hemelvaart sê dat Hy (onsigbaar) altyd met Sy navolgers sal wees (Matteus 28:20 - "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld"), leer die Wagtoring-organisasie dat Jesus eers vanaf 1914 onsigbaar teenwoordig is. Die "teken" waarvan Hy in Matteus 24 en elders praat, is volgens hulle "die teken van Christus se teenwoordigheid en verdere bewys van die laaste dae van Satan se goddelose stelsel" (WTBTS, 1982:149). Dit is egter in stryd met Jesus se eie belofte dat Hy altyd by Sy navolgers teenwoordig sal wees (vgl. 7.4.3).

Die Wagtoring-organisasie glo dat as hulle kan bewys dat die dinge wat Jesus as "teken van die laaste dae" beskryf in die twintigste eeu meer voorkom as voorheen, dit die "bewys" is dat die voleinding nog in die tyd van die geslag wat voor 1914 gebore is, sal plaasvind. Daar word glad nie daarmee rekening gehou dat dinge in volgende eeue selfs nog slegter kan gaan as in hierdie eeu nie. Al die gebeure word net geweeg teen dié van die verlede.

5.3.3 AARDBEWINGS

Een deel van die "teken" waarvan Jesus in Matteus 24:7 melding maak en wat deur Wagtoring-publikasies sterk gepropageer word as bewys dat die mensdom sedert 1914 in die "laaste dae" leef, is aardbewings. Hulle publikasie *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:261) beweer dat daar in die 69 jaar na 1914 amper net soveel belangrike aardbewings was as in die hele 2000 jaar voor 1914. Hulle publikasie *Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe* (WTBTS, 1982:151) stel dit nog sterker: "In meer as 1000 jaar, van die jaar 856 G.J. tot 1914, was daar slegs 24 groot aardbewings wat sowat 1 973 000 lewens geëis het. Maar in die 63 jaar van 1915 tot 1978 het daar altesaam sowat 1 600 000 persone in 43 groot aardbewings omgekom."

Doug Harris (1988:164-166) vertel dat hy hierdie syfers genoem in laasgenoemde publikasies deurgestuur het na wêreldkenners op die gebied van aardbewings. Van die *Earthquake Research Unit* van die Tokio Universiteit in Japan ('n land waar aardbewings 'n belangrike faktor is om mee rekening te hou), het hy antwoord ontvang dat die getalle gestel deur die Wagtoring-organisasie nie korrek kan wees nie, omdat daar nie oor betroubare inligting oor aardbewings van die verlede beskik word nie. Meer aardbewings word in hierdie eeu gerapporteer as gevolg van beter ondersoekenhede,

maar dit beteken geensins dat aardbewings vermeerder het nie. Van die *International Seismological Centre* te Newbury, Berks, het Harris ook antwoord ontvang dat die getalle deur die Wagtoring-organisasie weergegee nie korrek kan wees nie. Daar word daarop gewys dat die syfer vir die hoeveelheid mense wat voor 1914 in aardbewings gesterf het, heeltemal te min is. Net in een aardbewing in 1556 in Sjina (wat sover bekend die meeste mense doodgemaak het) het daar voor 1914 850 000 mense gesterf. Verder is beklemtoon dat instrumentele meting van aardbewings eers van die begin van hierdie eeu af gebruik is. Daar is geen seismologiese bewyse dat meer seismiese energie vrygestel is sedert 1914 as in vergelykbare periodes daarvoor nie.

Volgens Harris (1988:164-166) word in Gutenberg en Richter se tabelle van aardbewings in *Seismicity of the Earth* duidelik aangetoon dat daar 'n 37 persent afname in aardbewings was in die elf jaar na 1914 teenoor die elf jaar daarvoor. Selfs die Wagtoring-organisasie moet bewus wees van hierdie feit, want in hulle publikasie *Aid to Bible Understanding* (WTBTS, 1971:478) word die volgende gesê: "Sedert 1914 G.J., en veral sedert 1948, was daar 'n toename in die hoeveelheid aardbewings . . ."

'n Verdere bewys dat 1914 nie so 'n besonderse jaar in die aardbewinggeskiedenis van die wêreld is soos wat die Wagtoring-organisasie voorgee nie, vind 'n mens as jy in ensiklopedieë naslaan. In die *Collier's Encyclopedia* (Teclaff, 1964:254) word van verskeie aardbewings aan die begin van hierdie eeu, maar voor 1914 melding gemaak. So byvoorbeeld het 'n aardbewing op 04/04/1905 in Sentraal-Indië die lewens van 370 000 mense geëis. Die groot Messina-aardbewing weer het op 28 Desember 1908 die lewens van 150 000 mense in die suide van Italië en Sicilië geëis.

Uit bogenoemde gegewens is dit duidelik dat die voorkoms van aardbewings geensins die 1914-datum bevestig, soos wat die Wagtoring-organisasie beweër nie. Die teendeel is eerder waar as 'n mens kyk na die tydelike afname in aardbewings in die tyd direk na 1914.

5.3.4 OORLOË

Dat Jesus in Matteus 24:6-7 beklemtoon dat oorloë en gerugte van oorloë 'n kenmerk sal wees dat die einde op pad is, is die een saak wat die Wagtoring-organisasie aan die 1914-datum laat vasklou. Die Eerste Wêreldoorlog is immers 'n groot ding wat gebeur het in hierdie jaar wat Russell voorspel het die einde van die wêreld en die einde van die groot Armageddon-oorlog sou wees (vgl. 5.4.5). Selfs nadat wetenskaplikes bewys het dat die verwoesting van Jerusalem nie kon plaasgevind het in 607 voor Christus nie (die datum waarop die Wagtoring-organisasie hulle berekenings om by 1914 uit te kom

baseer), wou die organisasie nie aan hierdie datum verander nie. 'n Ander datum sou nie dieselfde byval kon vind as die jaar waarin die Eerste Wêreldoorlog begin het nie.

In 'n artikel oor die laaste dae in *Die Wagtoring* van 01/04/1983 (pp. 4-6) word die herhaalde oorloë sedert 1914 as bewys aangegee dat die mensdom sedert hierdie jaar in die laaste dae leef. As gesaghebbende bron om dit te bewys word Quincy Wright se *A Study of War* aangehaal. Watters (1992b:10) wys daarop dat Wright in hierdie werk eintlik die beweringe van die Wagtoring-organisasie in verband met herhaalde oorloë sedert 1914 weerlê. Wright kom tot die gevolgtrekking dat die draaipunt ten opsigte van oorloë in die wêreld nie 1914 is nie, maar wel 1942; dat die frekwensie van Europese oorloë inderwaarheid met meer as die helfte afgeneem het in die negentiende en twintigste eeue, in vergelyking met die sestiende en sewentiende eeue; en dat daar (hoewel die oorlog wat in 1914 begin het die "Eerste Wêreldoorlog" genoem word) tussen die jaar 1600 en 1941 vyftien "wêreldoorloë" was waaraan in verreweg die meeste gevalle al die vernaamste wêreldmagte van die tyd deelgeneem het.¹⁹

Soos die wapens in die geskiedenis meer en meer modern geword het, het oorloë al hoe meer verwoesting gesaai. Die Wagtoring-publikasie *Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe* (WTBTS, 1982:150) erken self dat die sogenaamde Tweede Wêreldoorlog "vier maal meer verwoesting gesaai (het) as die Eerste Wêreldoorlog". Daar is geen regverdiging om in die eskalasie van die verwoesting wat oorloë meebring, een spesifieke datum vas te stel waarop die verskrikking van oorloë merkwaardig toegeneem het nie. Selfs die begin van die verskriklike Eerste Wêreldoorlog is geen bewys dat Jesus se woorde in Matteus 24:6-7 toe eers in vervulling begin gaan het nie.

5.3.5 HONGERSNODE

Ook wat hongersnode betref, sien die Wagtoring-organisasie 1914 as die draaipunt in die geskiedenis. Die publikasie *Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe* (WTBTS, 1982:150) stel dit soos volg: "Na die Eerste Wêreldoorlog was daar die grootste hongersnood in mensegeskiedenis. . . . die voedselskaarse was selfs groter na die Tweede Wêreldoorlog."

As na gesaghebbende werke oor hongersnode gekyk word, is dit duidelik dat hulle glad nie die 1914-datum van die Wagtoring-organisasie onderskryf nie. Twee sulke werke wat deur Harris (1988:167-168) aangehaal word, is *Famine - 1975* van W. en P. Paddock en *Famine* van John Robson.²⁰ In eersgenoemde word gesê dat die draaipunt ten opsigte van hongersnode omstreeks 1958 was. Voor die Tweede Wêreldoorlog was lande wat

vandag invoerders van kos is en wat veral sedert 1957-1959 deur hongersnood in die gesig gestaar word, nog uitvoerders van kos.

Robson bereken op sy beurt dat 23 850 000 mense gesterf het tussen 1860 en 1914 weens hongersnood, terwyl 20 037 400 mense tussen 1915 en 1973 as gevolg daarvan gesterf het. Hy wys ook daarop dat terwyl die Eerste Wêreldoorlog nie direk vir enige hongersnood verantwoordelik gehou kan word nie, die Tweede Wêreldoorlog wel verskriklike hongersnood tot gevolg gehad het (Harris, 1988:167-168).

Uit al hierdie gegewens blyk duidelik dat 1914 nie 'n draaipunt in die geskiedenis was ten opsigte van hongersnood soos wat die Wagtoring-organisasie beweer nie. Om die waarheid te sê, daar het bykans 4 000 000 meer mense as gevolg van hongersnood in die 54 jaar voor 1914 omgekom, as in die 59 jaar daarna. Hongersnood het eers in die laat vyftigerjare weer geweldig begin toeneem en op groot skaal menselewens vernietig.

5.3.6 *ANDER GRUWELS*

Tereg wys die Wagtoring-publikasies op verskillende gruwels wat vandag bestaan (en in party gevalle selfs toeneem), soos "pessiektes", "ongeregtigheid", "geldgierigheid", "on gehoorsaamheid aan ouers", mense wat "meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God" is, ensovoorts. Selfs al sou 'n mens kon aantoon dat dit alles aan die vererger is, sal dit maar net wys dat die wêreld al nader aan die eindoordeel beweeg, wat sal plaasvind met die koms van die Here Jesus (Matt. 25:31-46). Niks van hierdie gruwels dui aan dat "Jesus Christus in 1914 begin het om as koning van God se hemelse regering te heers" (WTBTS, 1982:141) nie.

5.3.7 *SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING*

Die gevolgtrekking wat uit al bogenoemde gegewens gemaak moet word, is dat, anders as wat die Wagtoring-organisasie voorgee, die "teken van die laaste dae" waarvan in Matteus 24 en elders gepraat word nie op 1914 of enige ander vaste datum dui nie. Hierdie onheile tref al vir eeue lank nie net die wêreld nie, maar ook die Christene. So lees 'n mens byvoorbeeld reeds herhaaldelik in Handeling hoe Jesus se woorde in Matteus 24:9 in vervulling tree, beginnende met die doodmaak van Stefanus en die hewige vervolging van die Christene van Jerusalem (Hand. 7:58 tot 8:4). Daarom is die mensdom sedert die hemelvaart van die Here Jesus reeds in die laaste dae wat tot voleinding sal kom met Sy wederkoms (vgl. Hendriksen, 1976a:852-857 & 7.4.3).

Wanneer Jesus se dissipels Hom in Matteus 24:3 vra om 'n teken van Sy *parousia*, vra hulle Hom nie om 'n teken dat Hy gearriveer het (of teenwoordig is) nie, maar om 'n teken dat Sy koms naby is. Die *Wagtoring* van 15/01/1974 (p. 50) erken dat die dissipels verwag het dat Jesus sigbaar sou kom. Waarom sou hulle dan vra om 'n teken van Sy koms of teenwoordigheid as hulle verwag het om Hom self te sien? Dit is duidelik dat hulle 'n teken bedoel wat óf tydens Sy koms óf daarvoor sigbaar sal wees. Jesus sê in Matteus 24:29-31 dat geweldige dinge Sy koms sal aankondig, soos die verduistering van die son en maan, die val van die sterre, Sy koms op die wolke, en 'n harde trompetgeluid.

Dan vervolg Jesus dat die dinge waarvan Hy melding gemaak het teenoor Sy dissipels op hulle versoek om 'n teken, Sy koms sal voorafgaan. Hy gebruik in vers 32 die beeld van 'n vyeboom wat begin bot en so aandui dat die somer naby is. Die dinge wat die Wagtoring-organisasie sê wat vanaf 1914 gebeur en wat as bewys moet dien dat Jesus toe gekom het (of soos hulle sê "teenwoordig is"), is dus volgens die Here self eintlik dinge wat Sy koms sal voorafgaan! In Matteus 24:6-9 word dit dan ook duidelik gestel dat die oorloë, hongersnood, pessiëktes en aardbewings maar net die begin van die smarte is, en dat dit gevolg sal word deur verskriklike verdrukkinge. Eers as hierdie verdrukkinge verby is, sal Jesus kom (vgl. König, 1985:252-256; Van Genderen & Velema, 1992:756-759).

Die "teken van die laaste dae" is dus dinge wat Jesus se *parousia* sal voorafgaan, en nie soos die Jehovah-getuies beweer dinge wat as bewys moet dien dat dit wel plaasgevind het nie (vgl. Berkouwer, 1963:5-36). Deur hierdie bewering te maak, bewys die organisasie nie net dat hulle nie die waarheid verkondig nie, maar daarmee saam dat hulle nie die spreekbuis van die ware God kan wees nie. Deur dit steeds voor te gee, bewys die Jehovah-getuies dat hulle 'n onbybelse en daarom onchristelike standpunt verkondig. Deur hierdie verkeerde leer op hulle lede af te dwing, bewys die organisasie dat hulle 'n kulte is.

Die Here waarsku nie verniet in Matteus 24:23-27 teen valse profete wat sal verkondig dat Jesus se *parousia* reeds plaasgevind het nie. Sy *parousia* sal vir almal van die ooste tot die weste sigbaar wees, en al die stamme van die aarde sal rou bedryf en Hom sien kom met groot krag en heerlikheid (Matt. 24:27, 30; vgl. 7.4.3). Niks hiervan het in 1914 plaasgevind nie, wat beteken dat die Wagtoring-organisasie 'n valse profeet is. Dit word verder bewys deur hulle talle valse voorspellings van wanneer die einde van die wêreld sal aanbreek, wat in die volgende afdeling behandel word.

5.4.1 INLEIDEND

Die doel met hierdie onderafdeling oor die geskiedenis van die profesieë van die Wagtoring-organisasie, is om te kyk na wat die Jehovah-getuies deur die loop van hulle geskiedenis voorspel het en of iets daarvan tereggekome het. In Deuteronomium 18:20-22 stel God duidelik dat iemand wat dinge in Sy naam voorspel, en dit "gebeur nie en kom nie uit nie", 'n valse profeet is. So 'n profeet is vermetel om valshede in die Naam van God te verkondig en verdien die dood.

Die Wagtoring-organisasie voer aan dat hy die hedendaagse spreekbuis van God is (vgl. 3.2 en 3.9) en vandag as die ware profeet van God optree (vgl. 5.4.3). In hierdie onderafdeling word gekyk na wat die organisasie in die Naam van God voorspel het, en of die voorspellings waar geword het. Daar word ook gekyk na die organisasie se hantering van profesieë wat dalk nie waar geword het nie. Sodoende kan verder vasgestel word of hierdie organisasie waarlik 'n profeet van God is, en of dit 'n kulte is wat valslik God se Naam by hulle idees en profesieë betrek.

5.4.2 AGTERGROND

In die geskiedenis is daar al heelwat kere deur verskillende mense voorspellings gemaak oor wanneer die einde van die wêreld, of die wederkoms van Christus, of die eindoordeel sou wees (vgl. 5.2.3). Die moderne eeu is hierin geen uitsondering nie. Die afgelope aantal jare was daar heelwat sogenaamde profete van God, wat allerhande voorspellings in die Naam van God gemaak het. Onder hulle tel die leier van die *Unification Church*, Sun Myung Moon (wat homself gesien het as die verlosser wat uit Korea sou kom - vgl. Martin, 1992:338-344), Herbert W. Armstrong, stigter van *The Worldwide Church of God* (met sy voorspellings gegrond daarop dat die Angel-Saksiese ras die "verlore" tien stamme van Israel is - vgl. Martin, 1992:303-337), die "Suid-Afrikaner" Lester Bloomberg (met sy verdoemende profesieë oor Suid-Afrika en sy oproep dat dit NOU die tyd is om uit die land pad te gee - SAUK, 1993a), en Ryno Opperman wat sê hy is die profeet Elia wat voordat die Messias kom "die Koninkryk van God in die beloofde land (moet) vestig wat God self uitgekies het - tussen die Olifants- en Visrivier, van Vredendal aan die Weskus tot Sterkstroom in Oos-Kaapland. Dan sal Kaapstad die nuwe Jerusalem wees . . ." (Louw, 1992:22). In 1992 was die voorspellings van 'n Suid-Koreaanse groep dat die wegraping op 28 Oktober van die jaar sou plaasvind dae lank in Suid-Afrika in die nuus. Lede van die kulte moes elke dag vir

twalf ure lank in gebed op hulle knieë deurbring, om te verseker dat hulle sou deel in hierdie wegraping (Watters, 1992a:2).

Kulteleiers voorspel graag dinge, want dit laat hulle lede glo dat God werklik deur hulle organisasie werk. Die lede word dan aangevuur om mense te bekeer na hulle groep voor die voorspelde einde die aarde tref, of die sogenaamde Sataniese magte wat teen hulle gemonster is hulle gaan probeer oorweldig. Dikwels het dit hartseer gevolge vir dié wat dit glo, soos die meer as 900 navolgers van Jim Jones wat saam met hom selfmoord gepleeg het op 18 November 1978 (Martin, 1992:27), of die 75 navolgers van David Koresh wat saam met hom gesterf het in April 1993 (Klompeen, 1993:12).

5.4.3 IS DIE WAGTORING-ORGANISASIE DIE HEDENDAAGSE PROFEET VAN GOD?

Die Wagtoring-organisasie is nog 'n groep wat herhaaldelik daarop aanspraak maak dat hulle die moderne profeet van God is. Gedurende hulle bestaan van bietjie meer as 'n eeu het hulle al verskeie voorspellings gemaak. Hierdie voorspellings word gebruik om hulle lede te laat glo dat hulle organisasie werklik die spreekhuis van God, God se hedendaagse profeet is. *Die Wagtoring* van 01/04/1972 (p. 197) stel onder die opskrif *They Shall Know that a Prophet Was Among Them* die vraag: "So, does Jehovah have a prophet to help them, to warn them of dangers and to declare things to come?" Hierop antwoord *Die Wagtoring* dan positief en sê dat hierdie hedendaagse profeet niemand anders as die groep bekend as Jehovah se Getuies is nie. Daar word dan selfs so ver gegaan om te sê dat die bewys dat hulle regtig God se hedendaagse profeet is, gevind kan word as 'n mens hulle profetiese rekord nagaan. Dit is presies wat die skrywer beoog om verder in hierdie onderafdeling te doen.

Die Wagtoring van 01/10/1982 (pp. 26-27) beweer dat die Jehovah-getuies as groep gesien net so 'n profeet van God is soos wat Jeremia van ouds was. Net soos Jeremia die val van Babel voorspel het, voorspel die "Jeremia-klas" van die Jehovah-getuies vandag die val van Babilon, dit is die wêreldregerings en die wêreld se valse godsdienste. Die valse godsdienste verwys volgens die (tipies kultariese) siening van die organisasie na alle godsdienste uitgesonderd dié van die Jehovah-getuies.²¹

Die leerstelling dat die Wagtoring-organisasie waarlik die hedendaagse profeet van God is wat Hy gestuur het om "mense te waarsku en die toekoms te verklaar", word duidelik gesien daarin dat hulle gereelde tydskrif, *Die Wagtoring*, 'n mondstuk van God genoem word. In *Die Wagtoring* van 01/01/1942 (p. 5) word onomwonde gestel dat *Die Wagtoring* nie die idees van mense publiseer nie, maar dat God *Die Wagtoring* gebruik as 'n manier

om met Sy mense te kommunikeer. Die krediet vir dit wat in *Die Wagtoring* gepubliseer word, kom geen mens toe nie, maar vir God alleen.

Die wyse waarop die sogenaamde kommunikasiekanaal van God na die mensdom werk (vgl. ook 3.9.3), word in die publikasie van die Wagtoring-organisasie *All Scriptures is Inspired of God and Beneficial* (WTBTS, 1961b:9) stapsgewys beskryf:

- Jehovah God sê wat Hy wil sê in die hemel.
- Jesus Christus dra die boodskap oor.
- Die Heilige Gees (of partykeer engele) is die medium waardeur die boodskap aarde toe gestuur word.
- God se profeet ontvang die boodskap hier op aarde.
- God se profeet publiseer dit dan tot voordeel van God se mense.

Dit is hieruit duidelik dat die Wagtoring-organisasie hulle publikasies aanbied as sou dit godgegewe profetiese gesag het.

Die siening dat die organisasie God se profesieë deur *Die Wagtoring* bekendmaak, is deur die vierde president van die organisasie, F.W. Franz, in 1943 tydens 'n hofsaak in Skotland beklemtoon (Skotland, 1943:866). Op die vraag of "Jehovah God" die Redakteur van *Die Wagtoring* is, antwoord Franz: "He is today the editor of the paper." Op die volgende vraag, naamlik van wanneer af God die Redakteur van die tydskrif is, antwoord Franz: "Since its inception he has been guiding it." Sedert Russell se eerste uitgawe van *Die Wagtoring* in Julie 1879 (WTBTS, 1959:21) is God dus in beheer en Redakteur van die Wagtoring.

Die onmoontlikheid van hierdie siening dat God van die begin af die leiding geneem het wat *Die Wagtoring* betref, blyk duidelik as 'n mens maar net na die titel van die tydskrif in die eerste jare van sy bestaan tot voor 1914 kyk, naamlik *Zion's Watch Tower and Herald of Christ's Presence*. Vandag leer *Die Wagtoring* dat Christus eers vanaf 1914 "teenwoordig" is (vgl. 5.4.4 & 5.4.5). As dit waar sou wees, dan het "Jehovah God" vir dekades hierdie publikasie van Hom onder 'n vals naam uitgegee. Dit is tog onmoontlik.

In dieselfde hofsaak hierbo genoem, antwoord die destydse president van die organisasie, Nathan Knorr, soos volg op twee vrae in verband met *Die Wagtoring* (Skotland, 1943:1474):

VRAAG: "In fact, it is set forth directly as God's Word, isn't it?"

ANTWOORD: "Yes, as His Word."

VRAAG: "Without any qualification whatsoever?"

ANTWOORD: "That is right."

Hierdeur word *Die Wagtoring* op dieselfde vlak as Gods Woord, die Bybel, geplaas. As *Die Wagtoring* werklik woord van God is, sal dit geen foute of weersprekings in hê nie (Deut. 18:20-22; 2 Pet. 1:19-21). Die waarheid is egter dat dit vol foute en weersprekings is, soos hieronder gesien sal word.

Die Wagtoring-organisasie het egter 'n manier om hierby verby te probeer kom. Selfs wanneer voorspellings nie uitgekom het nie of leerstellings radikaal verander is, word allerhande redes daarvoor gegee, waaronder dat God ondertussen aan hulle "nuwe lig" oor die aangeleentheid gegee het (vgl. 3.6 & 3.9.3.4). In plaas daarvan dat die profesieë van die organisasie wat nie vervul word nie die lede se oë vir die valsheid daarvan oopmaak, word die idee van die "nuwe lig" wat sogenaamd van God sou kom, gebruik om by lede net nog meer vertroue te wek dat God steeds deur hierdie organisasie as Sy hedendaagse profeet werk (Duggar, 1985:71-72).

Dat die organisasie glo dat hulle werklik (ondanks alle weersprekings) die ware lig uitdra, blyk duidelik uit hulle *Theocratic Aid to Kingdom Publishers* (WTBTS, 1945:249-250) waar na die "Wagtoring-organisasie" verwys word as "die ligkanaal" van God, waaruit die lig van Sy openbaring al hoe duideliker skyn.

Die Wagtoring van 01/12/1981 (p. 27) erken wel dat dit mag lyk of "Jehovah se sigbare organisasie" al 'n hele klomp wysigings aan hulle idees aangebring het, maar dat dit nie regtig so is nie. Dit wat na wysigings lyk, was eintlik 'n voorwaartse beweging, op dieselfde manier as wat 'n seilboot heen en weer teen die wind op maneuvreer maar steeds doelgerig bly vorder in die regte rigting. Hiermee is die saak van weersprekings wat in die Naam van God gedoen word wat die organisasie betref afgehandel, en word op dieselfde bladsy voortgegaan om te beskryf hoe bevoorreg Jehovah-getuies is om aan God se sigbare organisasie te behoort. Om Wagtoring-publikasies (God se sogenaamde kommunikasiekanaal met Sy mense op aarde) te lees, word selfs as belangriker as die lees van die Bybel beskryf: "Unless we are in touch with this channel of communication that God is using, we will not progress along the road to life, no matter how much Bible reading we do" (vgl. ook 3.11).

Die waarheid is egter dat die organisasie al vele valse voorspellings in die Naam van God gemaak het in die publikasies wat sogenaamd Sy kommunikasiekanaal is, en ook radikale veranderings aan talle leerstellings aangebring het (vgl. 5.4.4 - 5.5.5). Te dikwels was dit geen voorwaartse beweging of verdere uitbreiding nie, maar 'n totale ommekeer. Dit kan egter nie deur die organisasie erken word nie, aangesien dit hulle kultariese aanspraak dat God alleen met en deur hulle werk (vgl. 3.9) verkeerd sou bewys, want by God is "daar geen verandering of skaduwee van omkering" nie (Jak. 1:17). Reeds in *Die Wagtoring* van Februarie 1881 (p. 188) erken die organisasie dat mense se idees verskil en mekaar weerspreek, maar dat kennis of lig wat van God kom nooit weerspreek kan word nie. Nuwe lig van God af moet dus aansluit en bou op ouer lig wat van God verkry is. As dit mekaar weerspreek, is dit nie van God nie.

In die Bybel spreek God Hom ten sterkste uit teen iemand wat valslik dinge in Sy Naam verkondig. In Deuteronomium 18:20 sê God: ". . . die profeet wat so vermetel is om 'n woord in my Naam te spreek wat Ek hom nie beveel het om te spreek nie . . . dié profeet moet sterwe." In vers 22 word gesê dat 'n mens kan weet dat 'n profeet vals is, onder andere as dit wat hy verkondig nie gebeur nie. Hierby sluit die *Wagtoring*-publikasies *Aid to Bible Understanding* (WTBTS, 1971:1348) en *Insight on the Scriptures* (WTBTS, 1988b:696) aan, deur (op grond van Deut. 18:20-22) uit te wys dat een van die kenmerke van 'n ware profeet is dat dit wat hy sê gaan gebeur, wel gebeur.

Die Wagtoring van 01/04/1972 (p. 200) maak daarop aanspraak dat alles wat hulle sê van God kom en daarom waar is: ". . . Jehovah se Getuies doen hulle verkondiging van die goeie nuus van die Koninkryk onder leiding en met behulp van engele. . . En omdat geen woord of werk van Jehovah kan misluk nie, want Hy is die Almagtige God, sal die nasies die vervulling van wat hierdie Getuies sê sien as van God gegewe. Ja, binne 'n kort tydjie sal die nasies weet dat die ware 'profeet' van Jehovah onder hulle is."

'n Mens kan saamstem dat as die almagtige God iets sê, dit wel sal gebeur. Die vraag is of die Jehovah-getuies werklik Sy profeet is. Indien wel, sou dit wat hulle voorspel het alles waar geword het. Daar word vervolgens na die Jehovah-getuies se verlede gekyk om te sien of die profesieë wat hulle gemaak het uitgekom het, en of dit hulle ontmasker as valse profete wat ter wille van eie voordeel voorgee dat hulle uitsprake in die Naam van God lewer.

5.4.4 CHRISTUS SE "PAROUSIA" - 1874 OF 1914?

Daar is reeds daarop gewys hoe 'n belangrike rol die datum 1914 in die leerstellings van die *Wagtoring*-organisasie speel, omdat dit gesien word as die jaar waarin Jesus se

parousia (of soos hulle dit vertaal "teenwoordigheid") op aarde begin het (vgl. 5.2 en 5.3). Vir bykans die helfte van die tyd wat die organisasie bestaan, is egter deur hierdie sogenaamde "profeet" van God geleer dat Jesus se *parousia* in 1874 plaasgevind het.

In *The Battle of Armageddon* (WTBTS, 1897:621), die vierde boek in die reeks *Studies in the Scriptures*, beweer die organisasie dat Christus as koning teenwoordig is sedert Oktober 1874, en dat Hy Sy koninklike kantoor in April 1878 amptelik in gebruik geneem het.

Selfs nadat 1914 gekom en gegaan het, het die Wagtoring-organisasie steeds bly leer dat Jesus se teenwoordigheid vanaf 1874 strek en nie eers vanaf 1914 soos wat tans geleer word nie. So meen *Die Wagtoring* van 15/09/1922 (p. 278) dat 'n mens net kan verstaan wat God besig is om te doen as jy besef dat daar sedert die Here Jesus se "terugkeer met krag" in 1874, 'n radikale verandering in God se werkwyse ingetree het. Volgens *Die Wagtoring* van 01/05/1922 (p. 132) is die bewyse vir hierdie "tweede teenwoordigheid" van die Here vanaf 1874 oorweldigend; en volgens *Die Wagtoring* van 01/01/1924 (p. 5) weet die ware kind van God verseker dat die Here Jesus sedert 1874 teenwoordig is. Die organisasie se 1929-publikasie *Prophecy* (WTBTS, 1929b:64-65) stel ook duidelik dat Jesus se tweede teenwoordigheid (onsigbaar) in 1874 begin het.

Soos reeds hierbo gesien (vgl. 5.2.1 & 5.2.2), verwerp die Wagtoring-organisasie in die tweede helfte van sy bestaan die idee dat Jesus se tweede teenwoordigheid in 1874 begin het. Vandag word geleer dat Jesus se onsigbare *parousia* in 1914 begin het. Dit kom daarop neer dat as God werklik hierdie organisasie en sy publikasies as Sy hedendaagse kommunikasiekanaal met Sy mense gebruik (soos wat hulle beweer), dan het God hulle vir meer as 'n halwe eeu om die bos gelei oor Jesus Christus se teenwoordigheid hier! Dit is godslasterlik om te beweer dat die Here Jesus (wat beklemtoon dat Hy "die waarheid" is - Joh. 14:6) so 'n leuen oor Sy *parousia* deur Sy kommunikasiekanaal sou verkondig het. Dit beteken dat hierdie organisasie wat beweer hulle is God se profeet 'n valse profeet is, want hulle het dinge verkondig wat hulle vandag sê foutief was.

Die hartseer is dat die lede van die Wagtoring-organisasie die foutiewe leerstelling dat Christus in 1874 gekom het moes glo, anders is hulle geskors. In die kultariese taal van die Jehovah-getuies beteken skorsing dat hulle nie die ewige lewe sal beërwe nie, omdat hulle nie meer deel is van die organisasie nie, die sogenaamde enigste veilige ark wat die groot verdrukking sal oorlewe (WTBTS, 1982:255). In 'n hofsak in Skotland in 1954 (Skotland, 1958<1954>:347-348) erken die amptelike segsman en regsverteenwoordiger van die Wagtoring-organisasie, Hayden Convington, dat die 1874-datum 'n valse profesie deur die organisasie was. Hy erken ook dat hierdie valse profesie deur Jehovah-getuies aanvaar moes word. Op 'n vraag of 'n lid wat nie met die

valse profesie wou saamstem nie geskors sou word, antwoord Convington: "Yes . . . Our purpose is to have unity." Op die vraag of hulle eenheid ten koste van enigiets wil hê, antwoord Convington ook bevestigend. As hy dan gevra word: "And unity based upon an enforced acceptance of false prophecy?", antwoord Convington: "That is conceded to be true."

Selfs al sou Jehovah-getuies vandag dalk wou verskil met Convington oor sy uitspraak ten opsigte van hoe belangrik eenheid vir die organisasie is, was Convington nie verkeerd in sy antwoord nie. In hoofstuk 3 is duidelik gesien dat die organisasie nie teenstand of kritiese denke duld nie (vgl. 3.2). Nie net eenheid nie, maar eendersheid word van die lede in hulle denke oor leerstellings van die organisasie verwag. Die gevolg is dat selfs van lede verwag word om eerder die organisasie se valse verkondiging te glo, as om hierdie sogenaamde profeet van God teen te gaan of daarvan te verskil.

5.4.5 1914 - EINDE OF BEGIN?

Die belangrikheid van die 1914-datum as een van die hoekstene van die Jehovah-getuies se leerstellings, kan nie genoeg beklemtoon word nie. Hulle boekie *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:264) beweer dat die jaar 1914 deur Bybelprofesie aangedui word.²² Dan word gesê: "Die korrektheid van die jaartal word getoon deur die feit dat wêreldtoestande wat vir hierdie tydperk voorspel is sedert 1914 plaasgevind het presies soos dit voorspel is."²³ Beide hierdie aannames is hierbo (in 5.2 en 5.3) verkeerd bewys. Daar moet nou nagegaan word of dit wat die organisasie self vir 1914 voorspel het (in die Naam van God) wel so gebeur het of nie.

Die Wagtoring-organisasie het drie duidelike dinge vir 1914 voorspel wat nie een gerealiseer het nie, naamlik dat dit die einde van die eindoorlog (Armageddon), die einde van aardse regerings, en die einde van die Christendom sou wees. In *Die Wagtoring* van 15/01/1892 (pp. 21-23) word gesê dat die eindoorlog in Oktober 1874 begin het met 'n woorde-oorlog tussen die nasies en 'n gereedmaak vir 'n volskaalse oorlog. Die einde van die oorlog wat mettertyd volskaals sou word, word volgens hierdie *Wagtoring* duidelik deur die Woord van God aangedui as Oktober 1914.

Die Wagtoring-publikasie *The Time is at Hand* (WTBTS, 1910:101) sê dat God reeds besig was om (vanaf 1878) Sy koninkryk te laat kom. Die "oorlog van daardie groot dag van die almagtige God" (Op. 16:14) was reeds aan die gang en sou eindig in 1914 met die totale omverwerping van die huidige geregeerders van die aarde. Die koninkryk van God (die Wagtoring-organisasie) sou dus volgens hierdie profesie van die organisasie teen 1914 beheer van die aarde by die gewone aardse regerings oorgeneem het.

Ook met die Christendom (waarna die organisasie in die Naam van God verwys as Babilon) sou dit klaarpraat gewees het teen die einde van 1914, voorspel die organisasie se publikasie *Thy Kingdom Come* (WTBTS, 1891:153): "And, with the end of A.D. 1914, what God calls Babylon, and what men call Christendom, will have passed away, as already shown from prophecy."

Die Wagtoring van 15/07/1894 (p. 226) gaan selfs so ver om te vra of die 1914-datum nie te laat is vir al hierdie dinge om te gebeur nie. Maar dan word daarop gewys dat daar nie aan die datum verander kan word nie, want dit is God se datum en nie 'n datum wat die organisasie uitgedink het nie. Verder word beklemtoon dat 1914 die datum vir die einde van die smarte is en nie vir die begin daarvan nie!

Nodeloos om te sê dat hierdie voorspellings van die selfverkondigde "profeet" van God, die Wagtoring-organisatie, weereens die organisasie as valse profeet uitwys. Om vandag te sê dat die datum ten minste reg voorspel is, gaan nie op nie. Die teenoorgestelde het gebeur van wat die Wagtoring-organisatie voorspel het, deurdat die jaar 1914 die begin van 'n groot oorlog en baie smarte was!

Selfs die Wagtoring-organisatie het destyds erken dat hulle profesieë ten opsigte van 1914 vals was. In hulle publikasie *Light, Book One* (WTBTS, 1930a:194) word erken dat *Die Wagtoring* en ander publikasies van die organisasie vir 40 jaar beklemtoon het dat die koninkryk van God in 1914 beheer sou oorneem op aarde, en die kerk van God (die Wagtoring-organisatie) volmaakte heerlikheid sou ontvang. Hierdie "profesieë" van die organisasie is toe egter nooit vervul nie, met die gevolg dat die lede baie spot moes verduur.

Ook in 'n ander publikasie van die organisasie, *Vindication, Book One* (WTBTS, 1931a:146), word erken dat die organisasie valse voorspellings ten opsigte van 1914 (en 1918 en 1925) gemaak het. Deur dit te erken het die organisasie publikasies gerepudieer wat hulle beweer sogenaamd onder die leiding van God opgestel is. *Die Wagtoring* van 01/05/1922 (p. 132) erken dat dit op 'n repudiëring van God neerkom: "Brother Russell was the Lord's servant. Then to repudiate him and his works is equivalent to a repudiation of the Lord."

Die organisasie bly voorgee dat hulle in alle fasette onder die direkte leiding van God staan, en dat God hulle publikasies (van die begin af) gebruik as Sy manier van kommunikasie met Sy mense. Hierdeur maak hulle God tot 'n leuenaar wat leuens versprei het oor wat in 1914 sou gebeur. God is nie verniet so toornig teen hierdie misbruik van Sy Naam dat Hy sê sulke mense moet doodgemaak word nie (Deut. 18:20-22).

Toe God se groot eindoorlog (Armageddon) nie eindig in 1914 (soos wat deur die Wagtoring-organisasie voorspel is) nie, maar 'n aardse wêreldoorlog uitbreek, was Russell gou om hierdie "godgegewe" datum en wat daarvoor voorspel is te wysig. In die organisasie se publikasie *Pastor Russell's Sermons* wat in 1917 (na Russell se dood) deur die organisasie uitgegee is, verklaar Russell (WTBTS, 1917b:676): "The present great war in Europe is the beginning of the Armageddon of the Scriptures (Rev. 16:16-20)." Russell voorspel dan dat hierdie oorlog gou sal eindig met die totale omverwerping van al die stelsels wat die mensdom so lank onderdruk het. Beheer van die aarde sal oorgeneem word deur die koninkryk van die Messias en permanente regverdigheid sal oor die aarde wees.

Ook hierdie voorspelling van die organisasie het nie gerealiseer nie. Die Eerste Wêreldoorlog is 'n driekwart eeu gelede al verby, maar steeds is daar geen sprake daarvan dat die koninkryk van Christus met permanente regverdigheid absolute beheer (in die sin wat Russell dit bedoel het) oor die aarde en sy inwoners het nie.

5.4.6 1915 TOT 1919

Teen 1914 was dit duidelik dat dit wat vir dié jaar voorspel is, nie aan die gebeur was nie. Daar moes vinnig 'n plan gemaak word. Om nie as valse profeet uitgewys te word nie, was die Wagtoring-organisasie selfs bereid om te peuter aan hierdie profesieë wat nie uitgekom het nie (vgl. 3.8.4). Die 1910-uitgawe van die organisasie se publikasie *The Time is at Hand* (WTBTS, 1910:77) onderskryf nog die oorspronklike voorspelling: "1914; and that date will be the farthest limit of the rule of imperfect men. That at that date the Kingdom of God, for which our Lord told us to pray, saying 'Thy Kingdom Come', will obtain full, universal control, and that it will then be 'set up'. It will prove that some time before the end of AD 1914 the last member of the divinely recognized Church of God, the 'royal priesthood', 'the body of Christ', will be glorified" (my kursivering - HGS).

Die 1915-uitgawe van *The Time is at Hand* (WTBTS, 1915a:77) gee die gewysigde weergawe waarmee die organisasie hulle valse profesie probeer "red": "1914; and that date will see the disintegration of the rule of imperfect men. That at that date the Kingdom of God, for which our Lord told us to pray saying 'Thy Kingdom Come', will begin to assume control, and that it will then shortly be 'set up'. It will prove that some time before the end of the overthrow the last member of the divinely recognized Church of God, the 'royal priesthood', 'the body of Christ', will be glorified" (my kursivering - HGS).

Die organisasie het in 1915 selfs so min gedink van die 1914-DATUM wat vandag so 'n belangrike rol speel in hulle leerstellings, dat hulle bereid was om dit te vervang met 1915. Die 1904-uitgawe van *The Time is at Hand* (WTBTS, 1904a:101) verklaar: "... the 'battle of the great day of God Almighty' (Rev. 16:14), which will end in AD 1914 with the complete overthrow of earth's present rulership, has already commenced." Die 1915-uitgawe (WTBTS, 1915a:101) stel dit presies dieselfde, behalwe dat "AD 1914" met "AD 1915" vervang word.

Hierdie boek van die organisasie, *The Time is at Hand*, is die tweede boek in 'n sewevolumereeks getiteld *Studies in the Scriptures* (vgl. bibliografie). Die *Wagtoring*, waarvan die vierde president van die organisasie, F.W. Franz, jare later sou beklemtoon dat dit vanaf sy ontstaan onder die beheer van God gestaan het (vgl. 5.4.3), het in die uitgawe van 15/09/1910 (p. 298) tipies kultaries beklemtoon dat hierdie reeks boeke van die organisasie as selfs belangriker as die Bybel beskou moet word en eerder as die Bybel gelees moet word. Want, sê *Die Wagtoring*, as 'n mens die *Scripture Studies* lees, bring dit 'n mens in die "lig". As 'n mens egter die Bybel lees, los dit jou in die "donker". Daar word selfs gesê dat as 'n mens vir tien jaar die *Scripture Studies* gelees het en dus in die "lig" was, en jy lees daarna vir twee jaar net die Bybel, jy na daardie twee jaar weer in die "duister" sal wees! Dit is niks minder as 'n (wel indirekte) erkenning dat hierdie organisasie se leerstellings in stryd is met die Woord van God.

Die 1915-datum is ook deur die tyd ingehaal en die organisasie moes weereens aanpassings doen. Die datum is verander na 1918. In die jaar sou God die Christendom vernietig, kerke heeltemal verwoes, en hulle lidmate by die miljoene laat sterf, voorspel die organisasie se publikasie *The Finished Mystery* (WTBTS, 1917a:485). Dié wat dit wel sou oorleef, sou na die *Wagtoring*-organisasie stroom. Ook hierdie profesie is in die uitgawes van *The Finished Mystery* wat na 1918 verskyn het subtiel gewysig, asof net voorspel is dat God in 1918 met 'n geleidelike proses sou begin om die Christendom te vernietig.

The Finished Mystery (WTBTS, 1917a:128) verwys boonop na die Christelike kerke se lidmate as varke, "the swine class", en sê dat demone in 1918 in die verstande van baie van hulle ingevaar het (soos wat die demone destyds tydens Jesus se aardse omwandeling in die varke ingevaar het; vgl. ook 7.12).

Die *Wagtoring*-organisasie het vir sy voorspellings selfs die hulp van 'n piramide ingeroep, wat deur *Die Wagtoring* van 15/05/1925 (p. 148) beskryf word as 'n stille boodskapper van die Goddelike plan. As bewys van die korrektheid van sy profesieë het Russell hom dikwels op die afmetings van die Groot Piramide van Egipte beroep.²⁴ In volume 3 van *Studies in the Scriptures, Thy Kingdom Come* (WTBTS, 1916:342),

verduidelik Russell hoe hy na Egipte gereis het en die afmetings van die geheime paadjies binne die piramide gebruik het om, deur 'n voet vir 'n jaar te reken, toekomstige dinge te kan voorspel. Daar is selfs op Russell se aandrang 'n replika van hierdie piramide op sy graf opgerig as grafsteen (WTBTS, 1919:7).²⁵

Volgens *Die Wagtoring* van 15/06/1922 (p. 187) is hierdie piramide deur God self ontwerp en bewys sy afmetings dat die 1874-, 1914- en 1918-datums van die Wagtoring-organisasie heeltemal korrek is. Dat dit egter, soos ten opsigte van 1874 en 1914, ook nie waar is van 1918 nie, word getoon deur die feit dat die Christendom nie toe vernietig is soos wat voorspel is nie. Dit word ook bevestig deur 'n ander valse voorspelling oor 1918 wat hiermee verband hou, en wat in *Die Wagtoring* van 01/10/1917 (pp. 292-293) verskyn het. Hier word beweer dat God die finale insameling van Sy mense in 1878 begin het, en dat dit 40 jaar later in die lente (Suid-Afrika se herfs) van 1918 sou eindig. Die lede word geroep om hard te werk, omdat daar net 'n paar maande oor sou wees voor "die groot nag aanbreek waarin niemand kan werk nie". Daar word dan ook beklemtoon dat dit alles deur die Groot Piramide onderskryf word.

Hierdie manier van voorspellings maak, onder andere met behulp van dinge soos die geheime paadjies in 'n piramide, is niks anders nie as die waarsêery wat deur die Bybel verbied word (Deut. 18:9-14).²⁶ Dit is dan ook te verstane dat die voorspellings nie uitgekom het nie, want dit is nie 'n profesie komende van God nie (Deut. 18:20-22). Die organisasie se publikasie *Vindication, Book One* (WTBTS, 1931a:146) erken ruiterslik dat die organisasie dinge voorspel het vir 1918 (en 1914 en 1925) wat nooit uitgekom het nie.

Die volgende belangrike jaar op die Wagtoring-organisasie se kalender, is **1919**. Dit is nie 'n jaar waarvoor die organisasie iets voorspel het, soos die geval met die ander jaartalle is nie. Dit is 'n datum wat jare later deur die organisasie uitgedink is, om hulle te kan losmaak van al hulle valse profesieë wat op datums voor 1919 gemik was. Dit is die datum wat gebruik word om hulle lede te laat glo dat nêr hulle organisasie deur God uitverkies is as Sy volk, en dat saligheid alleen by hulle te vinde is.

Hoe hierdie uitverkiesing van die Wagtoring-organisasie bo alle ander kerkgroepeerings sou plaasgevind het, word sedert die sestigerjare in publikasies van die organisasie beskryf. Onder die sub-opskrif *Time of Inspection by the Slave's Master leer God's Kingdom of a Thousand Years Has Approached* (WTBTS, 1973:349), 'n Wagtoring-publikasie van 1973, dat Jesus in 1919 op 'n inspeksietoer deur die wêreld gegaan het en bevind het dat net die Jehovah-getuies God werklik dien, en daarom God se enigste ware volk is.

Die Wagtoring van 01/08/1960 (p. 462) verkondig nog dat hierdie beoordeling deur die Here, die verwerping van die Christendom en die heiliging van die Jehovah-getuies as Sy sigbare verteenwoordigers op aarde in 1918 sou plaasgevind het. Die Wagtoring-publikasie *Babylon the Great Has Fallen* (WTBTS, 1963:515) leer egter dat dit eers in 1919 plaasgevind het, omdat die boodskap dat God se koninkryk in 1914 gekom het toe begin verkondig is. *Die Wagtoring* van 01/07/1982 (p. 18) sê dan ook dat 1919 die jaar is waarin "'n geestelike nasie op aarde" "gebore" is.

Daar is verskillende redes waarom hierdie poging van die organisasie om hulle los te maak van die voorspellings en ander leringe van die Russell-tydperk, naamlik deur die sogenaamde goddelike gesag van die organisasie eers in 1919 te laat begin, nie opgaan nie. Een van die redes is dat as Jesus werklik die Wagtoring-organisasie geïnspekteer het, Hy sou afkom op 'n klomp leuens wat in een van hulle laaste publikasies voor 1919, *The Finished Mystery* (1917), in die Naam van God gepubliseer is. Onder die dinge wat in hierdie boek geskryf staan (WTBTS, 1917a:295), is dat die Here verantwoordelikheid aanvaar vir die hele reeks *Studies in the Scriptures*. In hierdie reeks is onder andere die valse (nou ook deur die organisasie so gereken) aanspraak dat Jesus se tweede teenwoordigheid in 1874 begin het, en dat 1914 die einde van aardse regerings, die eindoorlog en die einde van die Christendom sou meebring (vgl. 5.4.4 & 5.4.5).

Daar is ook allerhande snaakse leerstellings in *The Finished Mystery*, soos dat Migael en sy engele die pous van Rome en sy biskoppe is (WTBTS, 1917a:188-189), en dat die "krokodil" beskryf in Job 40 en 41 eintlik 'n stoomlokomotief is (WTBTS, 1917a:84-85). Die Here sou mos geensins tevrede wees met 'n organisasie wat hierdie en ander soortgelyke stories aan hulle lede as die waarheid opdis nie (vgl. Joh. 8:44-45).

'n Ander rede waarom dit duidelik is dat die organisasie se aanspraak op 1919 nie opgaan nie, lê in die bewys (hierbo genoem) wat deur die organisasie aangevoer word vir hierdie datum, naamlik dat hulle vanaf hulle sogenaamde uitverkiesing in 1919, aktief verkondig dat die koninkryk van God in 1914 gekom het. In 5.4.4 is egter aanhalings gegee uit die organisasie se literatuur wat bewys dat hulle tot minstens tien jaar na 1919 nog verkondig het dat die Here se koninklike "teenwoordigheid" al van 1874 af strek!

Nog 'n bewys dat die aanspraak van die Wagtoring-organisasie dat hulle in 1919 deur die Here verkies en geheilig is nie waar is nie, is al die valse profesieë wat steeds na hierdie datum deur die organisasie verkondig is (vgl. 5.4.7 - 5.4.11).

Dit blyk dus duidelik dat die Wagtoring-organisasie die datums 1915 en 1918 gebruik het, en die datum 1919 steeds gebruik, om aan hulle lede voor te gee dat hulle werklik

die kommunikasiekanaal is waardeur God in hierdie eeu met die mensdom wil kommunikeer (vgl. 3.9.3). Op hierdie manier kan hulle 'n kultariese houvas en beheer oor hulle lede uit oefen. Tog weerlê juis hierdie datums en wat daaroor gesê is hierdie aanspraak.

5.4.7 1925 EN DAARNA

5.4.7.1 Inleidend

Vir 'n apokaliptiese kulte is dit belangrik om 'n datum wat nie te ver in die toekoms lê nie en waarop iets belangriks gaan gebeur, voor sy lede se neuse te hou om hulle tot onvermoeide ywer in diens van hulle organisasie te bly aanspoor. Toe die profesieë vir 1918 ook misluk het, moes 'n nuwe datum gevind word. *The Finished Mystery* (WTBTS, 1917a:128) het reeds 1925 aangedui as die jaar waarin die koninkryk van God in Palestina opgerig sou word. Daarom was dit nie onverwags dat die organisasie na 1918 1925 as nuwe datum vir hulle profesieë sou aangryp nie.

Volgens *Die Wagtoring* van 01/04/1920 (p. 127) is die datum 1925 net so belangrik as die datum 1914,²⁷ en kan die mensdom na 1925 uitsien as die jaar waarin al hulle stres, lyding en kwale met Goddelike hulp behandel sal word. Vir die Jode sal die datum boonop hulle eeue-oue begeerte om terug te keer na Jerusalem verwesenlik.

5.4.7.2 Voorspellings ten opsigte van die Jode

Soos verwag kon word, is hierdie nuwe voorspelling van die organisasie by monde van hulle president Rutherford, veral goed deur die ortodokse Joodse gemeenskap ontvang. *The Golden Age* van 07/11/1923 (p. 83) meen dat Rutherford se vergaderings deur Jode bygewoon word, omdat hy beklemtoon dat die herstel van Israel (in 1925) 'n noodsaaklike voorwaarde is vir die daarstel van die koninkryk waarvoor die Christene al so lankal bid. Daar word ook 'n brief van 'n prominente Jood van New York, Nathan Straus, gepubliseer, wat Rutherford eer as een van die profete wat bydra om die verwagting van die Jode aan te wakker om na 2000 jaar na Palestina terug te keer.

Toe dit wat Rutherford voorspel het vir 1925 nie realiseer nie, skryf hy 'n boek *Comfort for the Jews* waarin hy breedvoerig uiteensit wat die nabye toekoms vir die Jode en Palestina inhou. Om sy aansien onder die Jode te behou, skryf hy selfs dat hy daarteen is om Jode vir die Christendom te probeer wen, omdat dit verkeerd en in stryd met die Skrif sou wees (WTBTS, 1925:3). Dat hierdie stelling van Rutherford van alle waarheid ontbloot is, blyk duidelik uit byvoorbeeld die hele boek *Handelinge*, en die res van die

Nuwe Testament, waar onder andere beskryf word dat die heel eerste Christengemeente uit bekeerde Jode bestaan het (Hand. 2 e.v.). Ook was dit 'n duidelike opdrag van die Here Jesus dat Sy evangelie "in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde" verkondig moes word (Hand. 1:8).

Soos so dikwels met ander voorspellings en leerstellings van die organisasie gebeur het, het Rutherford sy siening van die Jode en hulle terugkeer na Israel radikaal gewysig, deur selfs die teenoorgestelde posisie in te neem. Die organisasie se publikasie *Life* (WTBTS, 1929a:221-222) sê nog dat Israel uiteindelik hulle straf uitgedien het en dat die tyd aangebreek het dat God hulle sal terugbring na hulle tuisland. Slegs drie jaar later neem Rutherford in die organisasie se publikasie *Vindication, Book Two* (WTBTS, 1932a:257-258, 267) 'n teenoorgestelde standpunt in, naamlik dat die Jode in die eerste plek uit Palestina moes gaan omdat hulle Jesus Christus verwerp het, en dat hulle tot op datum nog nie tot bekering gekom het nie. Daarom doen dié wat aan die terugkeer is na Palestina dit om selfsugtige en sentimentele redes, en beslis nie tot eer van die Naam van God nie. Tog word die boek *Life* met die standpunt ten opsigte van die Jode en Palestina wat ondertussen gerepudieer is, nog tot in 1944 deur die Wagtoring-organisasie geadverteer (Verkoopslys, 1944:12-25). Hieruit kan afgelei word dat die geld uit die verkoop van gedrukte boeke, ten spyte daarvan dat hulle glo dit valshede bevat, belangriker is vir die organisasie as hulle nuutste sienings van 'n saak.

5.4.7.3 Voorspellings ten opsigte van Ou-Testamentiese gelowiges

Die Wagtoring-organisasie se publikasie *Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe* (WTBTS, 1982:120-124) probeer 'n saak daarvoor uitmaak dat alle gelowiges wat geleef en gesterf het voor Jesus se versoeningsdood op Golgota, nie die hemel kan beërwe nie, maar eendag in die paradys op aarde sal lewe. Omdat die organisasie in die tyd voor 1925 voorspel het dat die koninkryk van God teen 1925 beheer van die aarde sou oorgeneem het, het die organisasie in die tyd ook voorspel dat Abraham, Isak, Jakob, Dawid en ander gelowiges genoem in Hebreërs 11 in 1925 na die aarde sou terugkeer om hier as prinse van Gods koninkryk te regeer.

In 'n 1920-publikasie van die Wagtoring-organisasie, *Millions Now Living Will Never Die* (WTBTS, 1920:89-90), word beweer dat die groot jubileum-era in 1925 sal begin met die oprigting van die aardse fase van die koninkryk. Dit sal gebeur onder leiding van die Ou-Testamentiese gelowiges waarna in Hebreërs 11 verwys word, wat almal reeds dood was voor die kruisiging van die Here. Hulle ("Abraham, Isaac, Jacob, and the faithful prophets of old") sal as volmaakte mense opgewek word, en as prinse oor die aarde regeer.

In 'n publikasie wat deur die Wagtoring-organisasie uitgegee is, *The Way to Paradise* (Van Amburgh, 1924:225-232), word van die werksaamhede van hierdie Ou-Testamentiese "prinse" genoem. "Prins Abraham" sal die wêreld vanaf Jerusalem deur middel van radio-uitsendings regeer. Die "prinse" sal nie die roede spaar by diegene wat ongehoorsaam is nie. Vanaf hulle terugkeer sal daar geen dood meer op die aarde wees nie.

Begrafnisondernemers sal gebruik word om huise op te knap sodat oorlede geliefdes na hulle opwekking deur die prinse 'n blyplek kan hê. Dit sal dan ook deel van die taak van die "prinse" wees om dooie geliefdes weer op te wek. Wanneer 'n mens die verblyf gereedgemaak het vir jou geliefdes, kan jy die prinse net opbel met die versoek dat hulle lewend gemaak word. Een môre sal jy dan hulle bekende stemme hoor in die kamer wat vir hulle gereedgemaak is! Hulle sal op hulle beurt weer die prinse vra om hulle geliefdes uit die dood op te wek. Die aarde sal seker later stampvol wees, want volgens die publikasie sal hierdie opwekkings voortgaan "until all the graves have come forth".

Toe 1925 aanbreek, verander die Wagtoring-organisasie se deuntjie noodgedwonge. *Die Wagtoring* van 01/01/1925 (p. 3) kondig aan dat die jaar 1925 waarna "Christene" so uitgesien het, aangebreek het. Daar word daarop gewys dat baie "Christene" geglo het dat al die lede van die liggaam van Christus (waarvan die lede van die Wagtoring-organisasie seker die grootste deel uitgemaak het) in hierdie jaar deel van die hemelse glorie gemaak sou word. Dan word so vaagweg gestel dat dit dalk kan gebeur, maar nie noodwendig nie, en word die lede opgeroep om maar gewoonweg aan te gaan met die werk wat die Here aan hulle opdra.

Die Wagtoring van 01/09/1925 (p. 262) stel dit selfs nog skerper, as sou dit Satan wees wat die gedagte oor wat in 1925 sou gebeur in die verstande van die lede geplant het, om so te sorg dat die lede dit nie meer nodig ag om hulle werk in diens van die organisasie uit te voer nie!

Toe hulle voorspellings vir 1914 nie uitgekom het nie, het die Wagtoring-organisasie op die ou end die datum behou, maar die inhoud van die profesieë gewysig. Toe hulle voorspellings vir 1925 nie gerealiseer het nie, is die inhoud van die profesieë weer jare lank behou, maar die datum is gewysig. Reeds in *The Way to Paradise* (Van Amburgh, 1925:224) word gesê dat die Ou-Testamentiese gelowiges genoem in Hebreërs 11 dalk eers net na 1925 hulle opwagting sal maak. Die Wagtoring-publikasie *Jehovah's Witnesses in the Divine Purpose* (WTBTS, 1959:252) erken dat dit vir baie jare die siening van *Die Wagtoring* was dat hierdie Ou-Testamentiese gelowiges enige oomblik uit die dood opgewek sou word: "many of Jehovah's witnesses expected at every convention to greet Abraham, Isaac, Jacob, David and the others". So meen die organisasie se

publikasie *The New World* (WTBTS, 1942:130) nog dat Job binne 'n kort tydjie saam met die ander Ou-Testamentiese gelowiges opgewek sou word, en met hulle op aarde sou verskyn. Dieselfde boek sê ondubbelsinnig dat "... those faithful men of old may be expected back from the dead any day now" (WTBTS, 1942:104).

Tipes van die manier waarop kultes valse verwagtings wat hulle self geskep het maar net weer kan afmaak, is die standpunt wat die Wagtoring-organisasie in latere jare ingeneem het oor hulle voorspellings oor die terugkeer van die Ou-Testamentiese "prinse". Die 1980-Jaarboek van die organisasie (WTBTS, 1979a:62) verklaar dat dit dwaas is om te glo dat hierdie Ou-Testamentiese heiliges teruggekeer het na die aarde, en wys dan daarop dat die profesie oor hulle terugkeer maar net iemand se "opinie" was! Op hierdie manier weier die organisasie om verantwoordelikheid te neem vir sy eie valse voorspellings.

5.4.7.4 Beth-Sarim

Die organisasie was egter so seker dat hierdie sogenaamde "opinie" van God af kom, dat hulle in 1929/30 selfs 'n huis gebou het vir die Ou-Testamentiese "prinse". Hierdie huis is nie in Jerusalem gebou nie, maar in San Diego, Kalifornië, waarskynlik sodat Rutherford ondertussen daarin kon bly (WTBTS, 1974:194). Buitendien was sy liefde vir die Jode op daardie tydstep reeds besig om te taan (vgl. 5.4.7.2).

Die Wagtoring-publikasie *The New World* (WTBTS, 1942:104) sê dat die organisasie aan hierdie huis wat in San Diego gebou is die naam *Beth-Sarim* (wat "Huis van die Prinse" beteken) gegee het, en dat dit in trust gehou word vir die prinse sodat hulle met hulle terugkeer hulle intrek daar kan neem.

Die kontrak waarvolgens *Beth-Sarim* vir die prinse in trust gehou is, is selfs gepubliseer in die organisasie se tydskrif *The Golden Age* van 19/03/1930 (pp. 406-407). Deel van die kontrak lui: "... faithful men who were named with approval in the Bible at Hebrews the eleventh chapter. The condition herein is that the said WATCH TOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY shall hold said title perpetually in trust for the use of any or all of the men above named as representatives of God's kingdom on earth . . ." Verder word in die kontrak gesê dat hierdie eiendom opgedra is aan Jehovah en bedoel is vir die gebruik van Sy koninkryk, en dat dit as sodanig vir ewig gebruik sal word. Daar word ook gesê dat as van die "prinse" opdaag, hulle hulle eers behoorlik sal moet identifiseer aan die persone in beheer van die Wagtoring-organisasie.

'n Mens kan dink watter indruk al die gegewens op die lede van die Wagtoring-organisasie moes maak. Dat hulle organisasie die huis vir die aardse "prinse" aangeskaf

het en tot tyd en wyl beheer, moes vir die lede 'n duidelike bewys gewees het dat God regtig juis hulle organisasie gebruik. So is die organisasie se houvas op sy lede net verder verstewig.

Tot en met sy dood het Rutherford gehou by sy voorspelling ten opsigte van die terugkeer van die "prinse" en dat hulle te *Beth-Sarim* sou gaan bly. Die organisasie se tydskrif *Consolation* (27/05/1942) berig na Rutherford se dood op sy voorblad onder die opskrif *San Diego Officials Line Up Against New Earth's Princes*, dat dit Rutherford se wens was om op die *Beth-Sarim*-landgoed (50 morg groot) begrawe te word, maar dat die plaaslike owerheid dit geweier het.

In 1948 het die organisasie die eiendom wat sogenaamd vir ewig aan God gewy was en vir Sy koninkryk gebruik moes word, stilletjies verkoop (Jeremiah Films, 198-). Vandag gee die organisasie voor dat die huis eintlik vir Rutherford gebou is. So vertel die 1975-Jaarboek van die Jehovah-getuies (WTBTS, 1974:194): "In time a direct contribution was made for the purpose of constructing a house in San Diego for Brother Rutherford's use", 'n huis bekend as *Beth-Sarim*.

5.4.7.5 Gevolgtrekking

Die Wagtoring-organisasie is dus nie net bereid om dinge wat hulle voorspel het te ontken of in 'n ander lig te probeer stel nie. Hulle is selfs bereid om hulle lede te mislei oor die werklike rede waarom hulle 'n reuse huis gebou het, om so hulle valse voorspellings te verdoesel. Tog kan hulle nie wegkom daarvan dat hulle optrede op grond van hulle eie voorspellings hulle as 'n valse selfaangestelde profeet van God uitwys nie, en dat hulle daarom volgens Deuteronomium 18:20-22 verwerp moet word. Tog het hulle self vroeër erken dat hulle profesieë ten opsigte van 1914, 1918 en 1925 vals was (WTBTS, 1931a:146).

Die 1980-Jaarboek van die Jehovah-getuies (WTBTS, 1979a:62) erken dat baie lede as gevolg van die valse profesieë ten opsigte van 1925 die organisasie verlaat het, maar skryf dit daaraan toe dat dit 'n siftingsproses was om te toets wie die sogenaamde ware gelowiges is. So kry die organisasie dit weereens reg om slaafse geloof in sy veranderde voorspellings te beskryf as die kenmerk van ware gelowiges en word lede, tipies kultaries, gemanipuleer om te waak teen kritiese denke (vgl. 2.2 & 3.2).

5.4.8 1931-1955 - ARMAGEDDON KOM ENIGE OOMBLIK

Na 1925 was die organisasie versigtiger om 'n spesifieke datum aan sy profesieë te koppel. Tog is dit, tipies kultaries, voortdurend beklemtoon dat die eindoorlog, Armageddon, op hande is. Lede is daardeur aangespoor om nog harder vir die organisasie te werk, omdat die tyd so kort is. Jongmense is selfs aangeraai om nie te trou of kinders te kry nie en om hulle studies te staak, sodat hulle al hulle tyd aan die verkondigingswerk van die organisasie kan wy.

In 1931 kondig die organisasie se boek *Vindication, Book One* (WTBTS, 1931a:147) aan dat God se dag van vergelding aanbreek het, dat Armageddon begin het en dat dit die Christendom enige oomblik sou tref. Die negatiewe ingesteldheid van hierdie kulte teenoor die Christendom kom verder uit in die volgende stelling: "God se oordeel kom oor die Christendom en sal binnekort voltrek word" (vgl. 7.12). Daar word dan beklemtoon dat God hierdie vergelding nie gaan uitstel nie.

Teen 1938 het hierdie voorspelling van die organisasie steeds nie gerealiseer nie. *Die Wagtoring* van 01/11/1938 (p. 323) beweer onder die titel *Should They Marry Now?* op die voorblad dat dit strydig met die Bybel sou wees vir Jehovah-getuies om nog te trou of kinders te kry, aangesien Armageddon op hande is. So dringend is hierdie oproep tot Jehovah-getuies dat die organisasie se publikasie *Salvation* (WTBTS, 1939:325-326) dit ook beklemtoon, sogenaamd op grond van die Skrif, dat die Jehovah-getuies nie meer moet trou of kinders kry nie, aangesien Armageddon aanbreek het.

Hierdie boodskap word ook in 1941 herhaal. Nadat *The Messenger* van 01/09/1940 (p. 6) weereens beklemtoon het dat Armageddon enige oomblik sou begin (want die groot klimaks is bereik), word die organisasie se boek *Children* in 1941 uitgegee, in die sogenaamde laaste maande voor Armageddon. *Die Wagtoring* van 15/09/1941 (p. 288) besing hierdie boek as "the Lord's provided instrument for most effective work in the remaining months before Armageddon" en gee aan die kinders opdrag om elke dag (van die skoolvakansie) ander kinders vir ses ure lank met hierdie boek te evangeliseer. In die boek (WTBTS, 1941:312, 366-367) word gesê dat Jehovah-getuies hulle huwelike en die kry van kinders moet uitstel tot na Armageddon, wanneer hulle soet kinders op die nuwe aarde sal hê.

Vir hierdie opdrag aan "God se organisasie" dat hulle lede nie moes trou of kinders kry in die sogenaamde laaste dae waarin hulle hulle sou bevind nie, beroep die organisasie hom telkens op die Skrif. Veral Matteus 24:19 word gebruik, waar staan dat swanger vroue en vroue met klein kindertjies dit baie moeilik sal hê tydens die groot verdrukking

(WTBTS, 1939:326). Matteus 24 plaas egter geen verbod daarop om kinders te kry in daardie tyd nie.

Hierteenoor waarsku die Woord van God wel uitdruklik in 1 Timoteus 4:1-3 teen mense wat in die "laaste tye" mense sal "verbied om te trou". Volgens die gedeelte is so iets die leer van "verleidende geeste en leringe van duivels". Die Wagtoring-organisasie kan hom dus geensins op God en Sy Woord beroep vir hierdie "aanbeveling" wat hy aan sy lede gemaak het om nie te trou of kinders te kry nie. Die valsheid van hierdie stelling word daardeur bewys dat baie van die lede wat hieraan gehoor moes gee nou (meer as 50 jaar later) reeds dood is, en dat dié wat leef en hulle huwelike uitgestel het, beslis nie meer kan trou en kinders hê nie. Hierdie leerstellings van die organisasie oor die nabyheid van Armageddon en wat dit sou beteken kom nie van God af nie (is dus nie Christelik nie), maar is 'n manier om lede so ver te kry om al hulle tyd in die werksaamhede van die kulte in te gooi (vgl. 3.3 & 7.3).

So is die nabyheid van die Armageddon-oorlog aanhoudend voor die kop van die lede gegooi. In 1955 sê die organisasie se publikasie *You May Survive Armageddon into God's New World* (WTBTS, 1955:331) nog eens dat dit op grond van die Bybel duidelik is dat die uitbreek van die Armageddon-oorlog toe enige oomblik sou plaasvind. Toe niks gebeur nie, word weer 'n vaste datum vir iets om te gebeur vasgestel - 1975.

5.4.9 1975 - EINDE VAN 6000 JAAR VAN MENS-LIKE BESTAAN

Die voorspellings van die organisasie gedurende die veertigerjare, en die gepaardgaande ywer wat dit onder die lede meegebring het, was deels verantwoordelik daarvoor dat die organisasie in die tyd geweldige groei ondervind het. Hierdie groei het in die tweede helfte van die vyftigerjare en die sestigerjare afgeneem. Drastiese stappe was nodig, skryf professor Penton (1988:91-96) in sy boek oor die Jehovah-getuies, *Apocalypse Delayed*. Weer is na die beproefde metode van die kulte gegryp om sy lede aan te spoor: 'n datum in die nabye toekoms wanneer iets groots gaan gebeur. Die datum wat gegee is, was 1975. Die gevolg was dat die lede van die organisasie vlam gevat het en die organisasie van 1968 af drastiese groei getoon het (Penton, 1988:96).

Die eerste verwysing na 1975 verskyn in 1966 in die organisasie se publikasie *Life Everlasting in Freedom of the Sons of God* (WTBTS, 1966b:29). Hier word beweer dat betroubare Bybelse kronologie die jaar 1975 aantoon as die einde van 6000 jaar sedert die skepping van die mens. Die sewende tydperk van 1000 jaar in die mens se geskiedenis sal hiervolgens in die herfs (lente in die suidelike halfgrond) begin.

Die *Ontwaak!* van 10/08/1968 (p. 14) verduidelik wat die organisasie se verwagting was vir die tyd wanneer die 6000 jaar van menslike bestaan op aarde verby sou wees en die sewende 1000 jaar aanbreek, naamlik dat dit die begin van die duisendjarige vrederyk sou wees, waartydens die koninkryk van God sou seëvier (vgl. 7.5.4 & 7.7). Ook hierdie *Ontwaak!* dui 1975 aan as die datum waarop dit sou gebeur, en gee selfs berekenings hoe daarby uitgekóm word.

Die geesdrif van die Jehovah-getuies word in die tyd aangeblaas met slagspreuke soos "Stay alive till '75" (Penton, 1988:95). 1975 gaan die groot jaar wees. Daarom moedig *Ons Koninkryksbediening* van 03/1968 (p. 4) die lede dan ook aan om, in die lig van die kort tyd wat oor is, meer as hulle deel in hulle verkondigingswerk te doen: "Dink net, broers, daar is net omtrent negentig maande oor voor 6000 jaar van die mens se bestaan op aarde voltooi is . . . Die meerderheid mense wat vandag lewe sal waarskynlik nog lewe wanneer Armageddon uitbreek." Die bedoeling is duidelik: daar is net 'n kort tydjie, net 90 maande oor voor 1975, die einde van 6000 jaar van die mens se bestaan op aarde en die gepaardgaande Armageddon-oorlog.

Teen 1974 bereik die geesdrif van baie Jehovah-getuies 'n hoogtepunt, en steeds word dit aangeblaas deur die organisasie se publikasies. *Ons Koninkryksbediening* van 05/1974 (p. 3) wys op die drastiese groei van voltydse verkondigers in die veld. Die getalle van lede wat alles los, hulle huise en besittings verkoop en voltyds as verkondigers vir die organisasie werk, styg elke maand. Dit sluit mense in, sê *Ons Koninkryksbediening*, wat gesondheidsprobleme het, sowel as mense wat eintlik gesinne het om te versorg. Ander word ook opgeroep om ondanks hulle situasie (en afhanklikes) hierdie voorbeeld te volg. Jongmense word gedreig dat dit gevaarlik is om in die kort tydjie wat oor is nog opleiding te ontvang met die oog op 'n beroep, en aangemoedig om alles te los en voltyds verkondigers van die organisasie te wees, "omdat ons nou so 'n kort tydjie oor het om die Koninkryksprediking te voltooi".

Vir die organisasie is dit duidelik dat die 6000 jaar van die mens se bestaan op aarde gereken moet word vanaf die skepping van die eerste mens, Adam. Dit het volgens *Die Wagtoring* van 01/05/1968 (p. 271) in die jaar 4026 voor Christus gebeur. *Die Wagtoring* sê dan ook dat Eva in dieselfde jaar, 4026 voor Christus, slegs 'n paar weke of maande na Adam geskape is.

Ironies is dit dat juis op hierdie laaste argument teruggekóm is deur die organisasie, toe 'n verduideliking gegee moes word waarom daar niks in die langverwagte en wydverkondigde 1975 gebeur het nie. *Die Wagtoring* van 01/05/1975 (p. 285) haal die destydse vise-president (en latere president) van die Wagtoring-organisasie aan in sy verklaring van waarom 1975 tot op daardie stadium niks opgelewer het nie. Die rede is

dat die organisasie nie geweet het hoe 'n lang tyd verloop het tussen die skepping van Adam en dié van Eva nie. Die 6000 jaar moet van Eva se skepping af gereken word, en nie van dié van Adam nie. Hierdie standpunt van die Jehovah-getuies se publikasie waarvan dieselfde Franz getuig het dat God die Redakteur is (vgl. 5.4.3), is 'n lynregte weerspreking van dit wat *Die Wagtoring* van 01/05/1968 (p. 271) gesê het. Maar omdat 'n mens hier met 'n kulte te doen het, moes die lede hierdie "nuwe lig" eenvoudig glo, of bedank en sogenaamd afgesny word van die ewige lewe in die paradys! Boonop is dit die tweede aanpassing wat gemaak moes word, want lede moes eers geglo het dat die 6000 jaar in 1874 geëindig het (*Wagtoring*, 15/07/1894:1675).

In plaas daarvan dat die organisasie sy fout erken het, is die rede vir die fout voor die deur van die lede geplaas. Hulle sou kwansuis verkeerde verwagtinge van 1975 gekoester het. Penton (1988:99-100) vertel dat Franz in die begin (lente in die noordelike halfgrond) van 1975, tydens 'n saamtrek van die organisasie te Toronto, Kanada, aan 'n groot skare Jehovah-getuies gesê het dat daar met groot vertroue uitgesien kan word na dit wat die herfs van 1975 sou bring. 'n Jaar later sê dieselfde Franz egter tydens 'n saamtrek te Toronto aan sy gehoor van Jehovah-getuies: "Weet julle hoekom niks in 1975 gebeur het nie? Dit was omdat julle verwag het dat iets sou gebeur" (Penton, 1988:100).

Dit is ongelooflik. Met die motivering dat volgens die Bybel niemand die tyd en die uur weet nie, lê Franz nou die skuld vir die verwagtinge wat die organisasie se leiers en publikasies geskep het en al die aanmoedigings wat die lede ontvang het om alles te los en in die kort tydjie voltyds verkondigingswerk vir die organisasie te doen, voor die deur van die lede. In plaas van liefde en bewoënheid oor hulle wat so baie verloor het weens hierdie valse voorspelling, word daar nou 'n beskuldigende vinger na die lede gewys. So gaan dit as 'n mens nie met diens aan God besig is nie, maar vasgevang is in diens aan 'n mensgemaakte organisasie.

5.4.10 NOG IN DIE TWINTIGSTE EEU

Sedert die mislukte voorspellings vir 1975, is die Wagtoring-organisasie versigtig om na enige datums te verwys en weer met die mislukking daarvan geloofwaardigheid in te boet. Iets wat beslis hydra tot hierdie versigtigheid, is die vele (waaronder heelwat vooraanstaande) lede wat veral sedert die mislukking van die 1975-voorspelling uit die organisasie getree het (vgl. 4.6), en wat met 'n nuwe voorspelling die wêreld se aandag op die talle vorige mislukkings sal vestig.

Tog het daar 'n nuwe datum in *Die Wagtoring* van 01/01/1989 (p. 12) ingeglip. Daarin word gesê dat die verkondiging van die evangelie nog in die twintigste eeu afgesluit sal word. Waarskynlik na aanleiding van al die reaksie wat die organisasie op hierdie nuutste profesie gekry het, het hulle besluit om die profesie uit *Die Wagtoring* uit te haal. Toe die saamgebinde volume van *Die Wagtorings* van 1989 verskyn, is hierdie voorspelling so verander om te sê dat hierdie verkondigingswerk "in our day" voltooi sal word.

Daar is egter tog 'n voorspelling waaraan die Wagtoring-organisasie steeds vashou, en dit is dat die voleinding sal kom terwyl van die mense wat in 1914 gelewe het, steeds lewe (WTBTS, 1982:154). Dit is seker die wydste voorspelling van die organisasie, want dit gee meer as 'n eeu waarin die voorspelling vervul kan word. Tog is die tyd vir die sogenaamde "geslag van 1914" geleidelik aan die uitloop.

5.4.11 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Daar hoef niks meer gesê te word as na al die valse voorspellings van die Wagtoring-organisasie as sogenaamde hedendaagse kanaal van God gekyk word, as die organisasie se eie woorde in hulle publikasie *Paradise Restored to Mankind - By Theocracy!* (WTBTS, 1972a:353-354) nie. Daarin sê die organisasie: "Jehovah, the God of the true prophets, will put all false prophets to shame either by not fulfilling the false prediction of such self-assuming prophets or by having His own prophecies fulfilled in a way opposite to that predicted by the false prophets. False prophets will try to hide their reason for feeling shame by denying who they really are. They will try to avoid being killed or being pronounced spiritually dead by Jehovah's loyal worshippers."

Dit is duidelik dat die Wagtoring-organisasie van die begin van sy bestaan af voorspellings gebruik het om lede te inspireer en nuwe lede te werf. Al die eienskappe van 'n kulte genoem in hoofstuk 2, is in die proses deur die organisasie vertoon. Die denke van die lede is beheer deurdat daar voortdurend nuwe teikendatums gestel is, en verklarings gegee is dat mislukte voorspellings eintlik 'n toets is om te sien wie lojaal aan God (se organisasie) bly. Gedrag is beheer deurdat lede telkens met nuwe ywer ingeklim het om die verkondigingswerk te doen in die lig van die kort tyd wat oor sou wees, dikwels selfs ten koste van hulleself en hulle mense. Die emosie van vrees is onder andere gebruik deur die moontlikheid van die voleinding en eindoorlog soos 'n ewig-teenwoordige swaard oor die lede se koppe te laat bly hang. Al die inligting oor wat werklik in die verlede voorspel is, of waarom die huis *Beth-Sarim* werklik gebou is, word aan die lede verswyg of selfs verdoesel. So word die geskiedenis van die organisasie beheer deur byvoorbeeld voor te gee dat 1914 reg voorspel is. Die Bybel word

geïnterpreteer soos wat dit die organisasie pas, byvoorbeeld deur hulle op die Bybel te beroep vir die voorskrif dat lede nie moet trou nie, terwyl die Bybel juis waarsku teen mense wat dit doen. Die leerstellings word telkens by die veranderende profesieë aangepas en moet deur die lede geglo word, anders word hulle lidmaatskap hulle ontnem.

Alles inaggenome, blyk dit duidelik uit bogenoemde dat die Jehovah-getuies in hulle hantering van profesieë al die kenmerke van 'n kulte (genoem in hfst. 2) vertoon. Hulle leerstellige geskiedenis bevestig verder dat die groep nie die hedendaagse kommunikasiekanaal van God is soos wat hulle voorgee nie, maar 'n kulte.

5.5 DIE LEERSTELLINGS VAN DIE ORGANISASIE

5.5.1 INLEIDEND

In hierdie afdeling word kortliks gekyk na die geskiedenis van sekere leerstellings van die Wagtoring-organisasie. Die vraag is of die geskiedenis van die leerstellings die organisasie se aanspraak om God se hedendaagse kommunikasiekanaal na Sy volk te wees bevestig; of daarenteen of die leerstellings dalk bewys dat die organisasie valslik voorgee om al duideliker lig van God te ontvang om so kultariese beheer oor sy lede te bly uitoefen. 'n Breedvoerige bespreking van die organisasie se leerstellings self volg hieronder in hoofstukke 6 en 7.

As 'n mens na die leerstellings van die Wagtoring-organisasie kyk, is dit opmerklik dat daar heelwat veranderings aangebring is. Die organisasie self beskryf dit as die lig van God se openbaring wat al helderder word (*Wagtoring*, 02/1881:3). Die vraag is egter of daar wel telkens 'n uitbreiding en verdieping van 'n saak kom (lig word al helderder), en of die nuwe leerstelling die ou leerstelling weerspreek (wat beteken een van die twee was nie lig nie, maar duisternis). As daar heelwat voorbeelde van weersprekings is, dan is dit tog 'n duidelike bewys dat die onveranderlike God (Jak. 1:17) nie hierdie organisasie as Sy profeet en kommunikasiekanaal gebruik nie.

Hoewel daar seker ten opsigte van party van die organisasie se leerstellings van groei gepraat kan word, is dit tog opvallend hoeveel weersprekings daar ten opsigte van baie dinge voorkom. Reed (1990a) het 'n hele boek saamgestel van sulke weersprekings, met die titel *Index of Watchtower Errors, 1879 to 1989*. Vervolgens word gekyk na drie verskynsels betreffende die leerstellings van die Jehovah-getuies wat verdag lyk, naamlik leerstellings wat wipplank ry, weersprekende leerstellings en eienaardige leerstellings.

5.5.2 LEERSTELLINGS WAT WIPPLANK RY

Een van die probleme waarmee die organisasie sit, is hoe om sy leerstelling dat diegene wat moedswillig gesondig het nie weer eendag opgewek sal word nie (WTBTS, 1985a:324-326), te versoen met God wat self sê dat die moedswillige sondaars van Sodom wel in die eindoordeel sal wees (Matt. 10:15). Die gevolg is dat die organisasie heen en weer gesprink het tussen wat die Bybel sê en wat hulle organisasie sê ten opsigte van hierdie saak (Reed, 1990a:116). So stel *Die Wagtoring* van 07/1879 (p. 8) dat die mense van Sodom wel opgewek sal word; *Die Wagtoring* van 01/06/1952 (p. 338) dat hulle nie opgewek sal word nie; *Die Wagtoring* van 01/08/1965 (p. 479) dat hulle wel opgewek sal word; *Die Wagtoring* van 01/06/1988 (p. 13) dat hulle nie opgewek sal word nie; die vroeëre uitgawes van *Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe* (WTBTS, 1982:179) dat hulle wel opgewek, en die latere uitgawes van die boek dat hulle nie opgewek sal word nie; die boek *Insight on the Scriptures* (WTBTS, 1988b:985) dat hulle wel opgewek sal word; maar die boek *Openbaring, sy klimaks is op hande!* (WTBTS, 1988c:273) dat hulle nie opgewek sal word nie.

'n Ander voorbeeld van hoe die Wagtoring-organisasie in sy geskiedenis wipplank gery het ten opsigte van 'n leerstelling, is hulle interpretasie van wie die "owerhede" is wat in Romeine 13:1-7 genoem word waaraan mense hulle moet onderwerp. Volgens hulle publikasie *Jehovah's Witnesses in the Divine Purpose* (WTBTS, 1959:91) het die organisasie voor 1919 verkeerdelik geleer dat hierdie owerhede na aardse regerings verwys. Die boek beskryf dit as 'n valse leerstelling en dat die organisasie hierdie soort foute wat hulle gemaak het in die openbaar bely het. Hulle publikasie *The Truth Shall Make You Free* (WTBTS, 1943:312) leer dat "die duidelike lig" ten opsigte van Romeine 13 in 1929 deurgebreek het, want in die jaar het *Die Wagtoring* die korrekte verklaring gebring dat "Jehovah God en Christus Jesus, eerder as wêreldse regeerders" die owerhede is waarna Romeine 13 verwys. Die hedendaagse standpunt van die organisasie is egter terug by die oorspronklike, naamlik dat die owerhede waarna Romeine 13 verwys sekulêre regerings is (WTBTS, 1963:548; *Wagtoring*, 15/05/1980:4).

Hierdie rondsprinkery wat leerstellings betref, is 'n duidelike bewys dat God nie die Wagtoring-organisasie as Sy hedendaagse kommunikasiekanaal gebruik nie. Die aanspraak wat die organisasie niteenstaande die weersprekings steeds op goddelike gesag maak, onderstreep dat hulle 'n kulte is wat deur hulle beheer van wisselende leerstellings wat die lede MOET glo, die lede dwing om dinge wat teen alle redelike argumentasie ingaan, slaafs-kritiekloos te aanvaar (vgl. 3.2 & 3.12). 'n Mens kan nie anders as om saam te stem met wat *Die Wagtoring* van 15/05/1976 (p. 298) sê en dit toe te pas op die organisasie self nie, naamlik dat dit 'n ernstige oortreding is om God en

Christus op een manier voor te stel, uit te vind dat dit verkeerd was, en om dan terug te gaan na die oorspronklike leerstellings wat vroeër verkeerd bewys is. Daar word dan gevra hoe 'n mens sulke wispelturige mense kan vertrou. Hierop kan geantwoord word dat net mense wat vasgevang is in die greep van 'n kulte, sulke rondspringery (as godgegewe) sal kan duld.

5.5.3 WEERSPREKENDE LEERSTELLINGS

In sy geskiedenis het die organisasie heelwat radikale veranderinge aan sy leerstellings aangebring. Selfs direk teenoormekaarstaande standpunte is gehandhaaf. Waar die organisasie vandag leer dat Jesus die aartsengel Migael is, dat Hy nie aanbid mag word nie, en dat Hy nie die Alfa, Omega en Almagtige van Openbaring 1:8 is nie (vgl. 6.5), is eers geleer dat al die engele insluitende Migael Hom moet aanbid (*Wagtoring*, 11/1879:48) en dat Jesus wel die Alfa, Omega en Almagtige van Openbaring 1:8 is (WTBTS, 1917a:15, 318).

Radikale veranderinge is deur die Wagtorings-organisasie aangebring aan sy beleid ten opsigte van lede se betrokkenheid by staatkundige sake. *Die Wagtoring* van 15/05/1917 (p. 6086) verklaar dat dit vir elke Amerikaner 'n plesier moet wees om 'n Amerikaanse vlag te vertoon en wys daarop dat daar selfs by hulle hoofkwartier in een van die kantore twee vlae is. Vandag mag Jehovah-getuies egter nie eer aan vlae betoon nie, omdat dit beskou word as afgodsverering (WTBTS, 1983a:13-15). *Die Wagtorings* van 01/08/1898 (p. 2345) en 15/04/1903 (p. 3180) stel onderskeidelik dat daar geen verbod in die Skrif is teen militêre diens nie, en dat dit nie met die gewete bots om deel van die weermag te wees nie. Vandag verkondig die Wagtorings-organisasie egter dat Jehovah-getuies se gewetens hulle verhinder om militêre diens te doen (*Wagtoring*, 01/02/1951:73) en dat dit teen die Skrif is (WTBTS, 1985a:299-301; vgl. 7.10).

Heelwat ander leerstellige bollemakiesies is deur die Wagtorings-organisasie gemaak. So stel *The Golden Age* van 04/02/1931 (p. 293) dat "inenting 'n direkte oortreding van die ewige verbond van God is" en dus deur God absoluut verbied word, terwyl die *Ontwaak!* van 22/08/1965 (p. 20) vir die Jehovah-getuies die groot voordele van inenting aantoon. *Die Wagtoring* van 15/11/1967 (pp. 702-704) en die *Ontwaak!* van 08/06/1968 (p. 21) meen dat alle orgaanoorplantings kannibalisme en daarom onaanvaarbaar vir Christene is. *Die Wagtoring* van 15/03/1980 (p. 31) beskou orgaanoorplantings egter nie meer as kannibalisme nie (vgl. 7.9.2.1).

Daar is nog heelwat ander voorbeelde van leerstellings van die Wagtorings-organisasie wat deur die loop van hulle geskiedenis van skaars meer as 'n eeu geheel en al gewysig

is, soos hulle siening van die kruis en die viering van Kersfees (Reed, 1990a:72-73). Uit dit alles blyk duidelik dat die organisasie selfs leerstellings waarvoor hy hom uitgesproke op God en Sy Woord beroep daarna radikaal kan wysig, en tog dit steeds met absolute gesag op sy lede kan afdwing. Dit word selfs gedoen met dinge wat die lewe of dood van sy lede kan beïnvloed, soos inenting en orgaanoorplanting. Hierdie dwang is net moontlik omdat die organisasie kultariese beheer oor sy lede uitoefen!

5.5.4 EIENAARDIGE LEERSTELLINGS

5.5.4.1 Die heelal

'n Mens vind by die Wagtoring-organisasie 'n klompie snaakse leerstellings wat seker vir die leiers van hierdie sogenaamde kommunikasiekanaal van God op 'n gegewe tydstip in hulle geskiedenis goed geklink het om te verkondig.

In die Jehovah-getuies se geskiedenis is daar heelwat eienaardige dinge omtrent die heelal verkondig. So stel die Wagtoring-publikasie *The Truth Shall Make You Free* (WTBTS, 1943:285) dat die mens dit nooit sal regkry om ho die atmosfeer van die aarde uit te gaan nie, of dit nou per vliegtuig, vuurpyl, of op 'n ander manier is. Hierdie "waarheid" het valsheid geword in Oktober 1957 toe Sputnik 1 ho die atmosfeer van die aarde uitgegaan het. Sederdien is daar heelwat ruimterreise deur verskillende mense en lande onderneem.

In hierdie heelal het die Wagtoring-organisasie na hulle mening die plek geïdentifiseer waar God woon en waar Sy troon is (vgl. 6.2.5.1). So stel *Die Wagtoring* van 15/06/1915 (p. 185) dat die sterrestelsel Pleiades, met die ster Alcyone in die sentrum daarvan, na alle waarskynlikheid die sentrum van die heelal is waarom alles in die heelal draai, en waar Jehovah se hoofkwartier is vanwaar Hy die heelal regeer. So sterk het hierdie siening onder die lede van die organisasie geleef, dat *Die Wagtoring* van 01/11/1920 (p. 334) 'n brief publiseer waarin 'n lid skryf dat hy glo hy voor 1925 tuis sou wees te Pleiades (die Vaderhuis).

Die rede waarom die Wagtoring-organisasie glo dat die troon van God in die sterrestelsel Pleiades en waarskynlik op die ster Alcyone geleë is, word in *The Golden Age* van 10/09/1924 (pp. 793-794) aangegee as dat dit so aangewys word deur "God's Stone Witness", die Groot Piramide van Egipte wat deur God daar geplaas is (vgl. 5.4.6). Verder grond hulle hierdie uitspraak oor waar die plek van die troon van God geleë is op Job 26:7 en 38:31-32 (*Wagtoring*, 15/06/1915:185).

Volgens *The Golden Age* van 26/08/1925 (p. 755) sal die dag moontlik kom dat 'n mens op die hemel sal kan inskukel en 'n omroeper hoor sê: *Station H A V N, Constellation Taurus, Group Pleiades, Star Alcyone, City of Zion*. So ver is hierdie troon van God in die Pleiades van die aarde af, dat die organisasie se publikasie *New Era Enterprise* van 28/06/1921 (WTBTS, 1921b:4) beweer dat dit selfs vir die Here Jesus 'n tydjie ('n paar dae) moes vat om met Sy hemelvaart die hemel te bereik, want die Heilige Gees is eers tien dae later uitgestort.

'n Organisasie wat sulke dinge verkondig, spekulasies maak oor die heelal, die hemel en of 'n mens bo die atmosfeer van die aarde sal kan uitkom, en dan boonop daarop aanspraak maak dat die Skepper van hemel en aarde elke afdeling van hierdie organisasie beheer (en selfs die Redakteur van *Die Wagtoring* is), kan nie ernstig opgeneem word nie. Tog het hierdie organisasie so 'n houvas op sy lede dat hy in verskillende stadiums in sy geskiedenis verskillende leerstellings kan verkondig volgens die gees van daardie tyd, dit later bloot afskryf as ou idees, en dat die lede hulle dan sonder teenstand met die "nuwe lig" besig hou. Hierdie houvas is tipies van die mag wat kultes oor hulle lede uitoefen.

5.5.4.2 Rassisme

Die Wagtoring-organisasie het in lyn met die wêreldgees, die afgelope klompie jare sterk te velde getrek teen rassisme. Veral Suid-Afrika het herhaaldelik deurgeloop in hulle publikasies.²⁸ Die "apartheid" hier is telkens gebruik om hulle organisasie met sy sogenaamde nie-rassistiese ingesteldheid te verheerlik, en veral ook die Christelike kerke in Suid-Afrika as sondig te brandmerk.²⁹

Wat die organisasie egter nie sê nie, is dat sy eie geskiedenis deur heelwat rassisme gekenmerk is.³⁰ *Die Wagtoring* van 15/07/1902 (pp. 215-216) beweer dat die Kaukasiese ras intelligenter is as die Chinese, Indiërs en die inwoners van Afrika. Swart mense word in *Die Wagtoring* van 01/08/1898 (pp. 229-230) beskryf as die waarskynlike afstammeling van Gam, wie se seun Kanaan deur Noag vervloek is om 'n dienskneg van Sem te wees (Gen. 9:25-26). Hierby sluit *The Golden Age* van 01/10/1929 (p. 702) aan waar dit sê dat daar geen beter bediende in die hele wêreld is nie as "a good Colored servant".

Die Wagtoring-organisasie het selfs apartheid bepleit. *The Golden Age* van 01/10/1919 (p. 8) sê dat hoewel alle mense deur God "uit een bloed" gemaak is, "nevertheless under present imperfect conditions a wise segregation is probably an advantage to all concerned". Dit het die organisasie dan ook tydens 'n gesamentlike byeenkoms toegepas,

deur die "colored friends" te keer om in die saal self te sit, maar vir hulle die gallery af te sonder, skryf *Die Wagtoring* van 01/04/1914 (pp. 105-106).

Dieselfde *Wagtoring* troos dan die swart mense dat God waarskynlik binne 'n kort tydjie hulle velle sal laat wit word, en beskryf breedvoerig hoe dit reeds met 'n swart seuntjie aan die gebeur is. Ook beskryf *Die Wagtoring* van 01/10/1900 (pp. 296-297) hoe 'n gelowige swart mens se gebede om wit te word deur die Here geleidelik verwesenlik is, totdat hy heeltemal wit geword het. Die rede vir hierdie verhale is beslis die idee van die Wagtoring-organisasie dat die swart vel en bediende-wees van die swart mense deur Noag se vloek op Kanaän veroorsaak is (*The Golden Age*, 24/07/1929:702).

Die geweldige groei wat die Wagtoring-organisasie onder anderskleuriges geniet, het 'n totale ommeswaai in hulle amptelike houding oor rasseonderskeiding gebring. Hoewel hulle vandag self voorstel as dié strydters teen rassisme en hulle miljoene anderskleurige lede het, is daar in die geskiedenis van hierdie organisasie nog nooit 'n anderskleurige aangestel in hulle beheerliggaam nie. Dalk het die reste van hulle vroeëre eienaardige sienings van swart mense steeds 'n invloed op hulle denke.

5.5.4.3 Ander eienaardige leerstellings

Heelwat ander eienaardige leerstellings is deur die Wagtoring-organisasie in sy geskiedenis van bykans 120 jaar verkondig. So verklaar *The Finished Mystery* (WTBTS, 1917a:188) dat "Migael en sy engele" waarna Openbaring 12:7 verwys, die pous in Rome en sy biskoppe is (vgl. 5.4.6). Hierby kan ook genoem word dat om vir die vyande van God te lieg of nie die regte inligting te gee nie, volgens die organisasie in verskillende publikasies³¹ as reg en goeie strategie beskryf word (vgl. 3.7.4).

5.5.5 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Uit dit alles is dit duidelik dat hierdie organisasie wat absolute gehoorsaamheid van sy lede aan sy leerstellings vereis, se eie leerstellige eienaardighede, weersprekings en wipplankryery hierdie eis vir die slaafse napraat daarvan ondermyn. Die meeste Jehovah-getuies is gewoonlik nie bewus van hierdie vraagtekens wat oor die organisasie se leerstellings geplaas kan word nie, omdat die organisasie bepaal wat hulle mag en moet lees en gedurig die indruk skep dat hulle leringe van God self kom. Buitendien word lede bang gemaak om krities te dink en om publikasies te lees wat die idee ontmasker dat die Wagtoring-organisasie onaantasbaar is (vgl. 3.2 en 3.5).

5.6 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

In hierdie hoofstuk is die geskiedenis van die Jehovah-getuies se profesieë en leerstellings geëvalueer, met die doel om te kyk of dit die organisasie se aanspraak dat hulle die hedendaagse kanaal is waardeur God Sy wil aan die mensdom openbaar, onderskryf of weerlê.

Eers is by die geskiedenis van die profesieë van die Wagtoring-organisasie stilgestaan. Omdat kultes van profesieë gebruik maak om hulle lede aan te spoor om hard te werk vir hulle organisasie, is nagevors of dit ook as sodanige aansporingsmiddel deur die Jehovah-getuies gebruik word. Daar is verder daarop gelet dat die Wagtoring-organisasie hulleself wel as die hedendaagse profeet van God sien. Daar is gekyk of dit wat geprofeteer is wel plaasgevind het, en na die wyse waarop die organisasie die uitslag hanteer het. Daar is ook gekyk na die manier waarop die organisasie geloofwaardigheid aan hulle datums probeer verleen deur kronologiese berekenings en die sogenaamde "teken van die laaste dae".

Daar is bevind dat die organisasie verskeie voorspellings gemaak het vir die voleinding van die wêreld en die gepaardgaande Armageddon-oorlog. Hierdie voorspellings is gebruik om die lede se gedrag te beheer in die sin dat hulle onvermoeid die leringe van die organisasie moes uitdra in die kort tydjie wat oor sou gewees het voor die ou stelsel tot niet sou gaan. Hulle is selfs aanbeveel om hulle van huwelike, kinders kry, studie en werk te weerhou, sodat hulle (soos slawe) voltyds vir die organisasie kon arbeid. Telkens as profesieë deur die geskiedenis as vals bewys is, is nuwe datums voorgestel of opnuut gewaarsku dat die eindgerig baie naby is.

Om aan die organisasie se datums die skyn van waarheid te gee, is allerhande kronologieë opgestel (selfs op grond van foutiewe inligting soos die datum 607 voor Christus vir die verwoesting van Jerusalem), en is "bewyse" gelewer dat alle tekens daarop dui dat die mensdom sedert 1914 die "laaste dae" ingegaan het. Daar is egter uitgewys dat sowel die kronologieë as die "teken van die laaste dae" eerder die organisasie se datums verkeerd as reg bewys. Verder is die organisasie se verkeerde eksegese van en omgang met die Bybel uitgewys.

Ook die geskiedenis van die leerstellings van die Wagtoring-organisasie weerspreek die organisasie se aanspraak daarop om die hedendaagse kommunikasiekanaal van God met Sy volk te wees. Deur die geskiedenis het die organisasie sy leerstellings herhaalde kere selfs sodanig verander dat dit die teenoorgestelde gesê het (en in sommige gevalle weer terug). Daar is ook van allerhande eienaardige leerstellings gebruik gemaak om in sekere tye van die geskiedenis die lede se verbeelding aan te gryp.

Hierdie hoofstuk bevestig dat die Wagtoring-organisasie 'n kulte is wat nie skroom om profesieë en leerstellings te gebruik en te wysig om daardeur die beheer oor hulle lede te verstewig, en hulle te laat optree tot voordeel van die organisasie nie. Dit blyk ook duidelik uit hierdie gedeelte dat die organisasie God valslik by hulle profesieë en leerstellings betrek. Die geskiedenis van die Jehovah-getuies se profesieë en leerstellings bewys dat hierdie organisasie 'n onchristelike kulte is.

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK 5

1. Hulle "Bybel", *Die Boek van Mormon* (1979), handel onder andere oor die geskiedenis van die sogenaamde Israeliete in Amerika. Vergelyk ook Martin (1992:178 e.v.) se opsomming en weerlegging van hierdie aansprake deur *Die Boek van Mormon*.
2. Moon se leerstellings word saamgevat in hulle "Bybel", *Divine Principle*. Vergelyk Martin (1992:338 e.v.) vir 'n uiteensetting en weerlegging van hierdie aansprake van Moon.

3. Die ander punt wat die Jehovah-getuies na bewering uniek en daarom die enigste ware organisasie van God maak, is volgens hierdie publikasie van hulle (WTBTS, 1982:184-185) dat hulle hulleself na God se enigste eienaam, Jehovah, noem (vgl. 4.7).
4. Verskeie ander publikasies van die Wagtoring-organisasie gee ook hulle siening van die Bybelse kronologie weer, waaronder die boek waarmee hulle "Bybelstudie" met nuwe lede doen, *Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe* (WTBTS, 1982:134-141).
5. Of soos die publikasies van die Wagtoring-organisasie sê, 537 v.G.J. (voor die gewone jaartelling), klaarblyklik omdat hulle as Jehovah-getuies nie die naam "Christus" graag wil gebruik nie.
6. Carl Olaf Jonsson ('n Sweed) was vir meer as 25 jaar 'n aktiewe Jehovah-getuie. Hy was in die tyd 'n voltydse verkondiger en ouere man van die organisasie. In 1968 vra 'n man aan wie hy besig was om die organisasie se leerstellings te verkondig waarom die Wagtoring-organisasie die vernietiging van Jerusalem deur die Babeloniërs as 607 voor Christus beskryf, terwyl geskiedkundiges met groot sekerheid aandui dat die datum 587/586 voor Christus moet wees. Jonsson het toe 'n diepgaande studie van die saak gemaak, waarin hy tot die slotsom gekom het dat die geskiedkundiges reg is. Hy het die studiemateriaal in 1977 na die organisasie se hoofkwartier in Brooklyn gestuur vir oorweging. In plaas daarvan om die navorsing te oorweeg, het die organisasie besluit om Jonsson uit te skop, omdat hy hierdie belangrike leerstelling van die organisasie durf bevraagteken het. Die studiemateriaal is uiteindelik deur Jonsson in boekvorm uitgegee onder die titel *The Gentile Times Reconsidered*.
7. Russell het saam met Barbour die boek *Three Worlds, and the Harvest of this World* uitgegee in 1877.
8. Vergelyk die eenstemmigheid tussen kommentare oor hierdie gedeelte, byvoorbeeld Hendriksen (1979a:927, 937-939), Greijdanus (1941b:193-194), en Groenewald (1973:227-228) se onderskeie kommentare op Lukas. Selfs die Wagtoring-organisasie aanvaar in hulle publikasie *Insight on the Scriptures* (WTBTS, 1988a:132) dat Lukas 21:24 op die val van Jerusalem in 70 na Christus dui, maar probeer dan tog verbykom deur te wil voorgee dat dit ook 'n dieper betekenis het, naamlik Nebukadneser se oorwinning oor Jerusalem.
9. Die organisasie gee 'n uitvoerige beskrywing van hierdie buite-Bybelse gegewens waarop hulle hulle kronologie baseer in *Insight on the Scriptures* (WTBTS, 1988a:448-458).
10. *Die Wagtoring* van 01/02/1969 behandel die betroubaarheid van die Babeloniese kronologie. In die artikel word 'n skerp aanval gemaak op antieke buite-Bybelse bronne (onder andere die uiteensetting van Ptolemaeus) wat duidelik uitwys dat die verwoesting van Jerusalem nie in die jaar 607 voor Christus kon plaasvind nie, maar wel 20 jaar later. 'n Erkende hedendaagse wetenskaplike navorser oor die antieke tyd, Thiele, word aangehaal as sou hy saamstem met hierdie standpunt van *Die Wagtoring*. In 'n brief reageer Thiele hierop en voer aan dat hy op misleidende en oneerlike wyse deur *Die Wagtoring* by hulle standpunt ingetrek is. Hy skryf dat die antieke weergawe van Ptolemaeus verbasend korrek is tot in die kleinste besonderheid. Die astronomiese gegewens wat Ptolemaeus aanhaal, is nagegaan en bevestig sy weergawe van die datering van die geskiedenis (Gruss, 1972:37). In 'n verdere brief stel Thiele dit duidelik dat daar absolute sekerheid is dat Nebukadneser eers in 605 voor Christus aan bewind gekom het (Gruss, 1972:40-41). Die laaste gebeurtenis in sy veldtog teen die sogenaamde suidelike koninkryke, was die vernietiging van Jerusalem in 587/6 voor Christus.
11. *Insight on the Scriptures* (WTBTS, 1988a:135) wys byvoorbeeld daarop dat die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog hulle profesie ten opsigte van 1914 vervul.
12. Vergelyk die deeglike uiteensettings deur Gruss (1972:20-58), Jonsson (1986:41-142) en Smit (1992:4-26) van al die getuienis wat 587/6 aandui as die tyd van die verwoesting van Jerusalem deur Nebukadneser, asook hoe die Wagtoring-organisasie met allerhande wetenskaplik klinkende argumente (wat egter geen

- water hou as na die feite en beslis na die nuutste ontdekkings gekyk word nie) probeer om dit te onseil.
13. Vir 'n goeie weergawe van hierdie geskiedenis en datering (asook bewyse daarvoor), kan verwys word na die reeds vermelde werk van Jonsson (1986), *The Gentile Times Reconsidered*.
 14. Vergelyk die tabelle in Jonsson (1986:181-188).
 15. Die bekende kommentator, Aalders (1954:55), wys in sy kommentaar op die boek Jeremia dat die 70 jaar waarvan hier sprake is op Babel se wêreldheerskappy dui, en aansluit by die profesie in Jeremia 25:11.
 16. Dieselfde woord (*chorbah*) word in Daniël 9:2 gebruik as in Jeremia 25:11. Daniël gebruik die woord net in die meervoud wat volgens Jonsson (1986:104) waarskynlik op die herhaalde verwoestinge van Juda deur Babel dui. Aalders (1951:186) meen ook dat Daniël na die 70 jaar van heerskappy deur Babel verwys, waar die puinhope ontstaan as beeld van die vernedering van Jerusalem.
 17. Russell se siening van die "teken van die laaste dae" word breedvoerig bespreek deur Gruss (1972:49-58).
 18. Vir die uiteensetting van die organisasie se siening van die teken van die laaste dae word gebruik gemaak van hulle publikasies *Redenering uit die Skrif* (WTBTS, 1985a:259-268) en *Jy kan vir ewig in die Paradys op aarde lewe* (WTBTS, 1982:148-154).
 19. Die gegewens is deur Watters verkry uit: WRIGHT, Q. 1964. *A Study of War*. Chicago: Univ. of Chicago. pp. 638, 649, 1501-1502.
 20. PADDOCK, W. & PADDOCK, P. 1968. *Famine - 1975*. pp. 41, 44; ROBSON, J. 1981. *Famine*. pp. 22-24.
 21. Die Wagtoring-organisasie het 'n hele boek, *Die mensdom se soeke na God* (WTBTS, 1990a), daaraan gewy om te wys dat net die Jehovah-getuies die ware godsdiens beoefen.
 22. Babilon word ook deur die organisasie gebruik om spesifiek na die Christendom te verwys (WTBTS, 1891:153; vgl. 5.4.5 & 7.12).
 23. 5.2 handel daarvoor dat dit nie so is nie.
 24. 5.3 handel daarvoor dat dit nie so is nie.
 25. Die titel wat op die 1915-uitgawe van sy boek *The Divine Plan of the Ages* (WTBTS, 1915b) verskyn, is *The Divine Plan of the Ages as Shown in the Great Pyramid*. Daar is ook 'n lyntekening van die piramide op die buiteblad.
 26. 'n Skets van die grafsteen verskyn in Magnani (1987a:291).
 27. Volgens Watters (1992a:8) is hierdie voorspellings van Russell niks anders as okkultisme nie.
 28. *Die Wagtoring* van 01/09/1922 beweer selfs "(t)he date 1925 is even more distinctly indicated by the Scriptures" as 1914.
 29. *Ontwaak!* (22/06/1988:1-10 en 22/07/1986:1-11); *Wagtoring* (01/07/1989:10-14; 01/07/1986:13, 30; 01/01/1985:27; 01/04/1974:207; 01/05/1970:259-261); *Jaarboek van Jehovah-getuies* (WTBTS, 1990b:12; 1986a:17-19).
 30. Op die voorblad van die *Ontwaak!* van 22/06/1988 is byvoorbeeld 'n tekening van 'n blanke en 'n nie-blanke gelowige wat rug aan rug staan en vir mekaar oor hulle skouers loer, met die onderskrif: *Apartheid, South Africa's Religious Dilemma*. Die eerste tien bladsye van die *Ontwaak!* word dan aan die onderwerp afgestaan. Klem word gelê daarop dat die Jehovah-getuies hier die kampvegter teen die kerke met hulle apartheid is.
 31. Hoewel Penton (1988:284-287) toegee dat die Jehovah-getuies oor die algemeen baie verdraagsaam teenoor ander rasse is, wys hy tog terselfdertyd op talle rassistiese trekke in die organisasie wat deur hulle hele geskiedenis voorgekom het.
 32. *Die Wagtoring* (01/06/1960:352); *Aid to Bible Understanding* (WTBTS, 1971:1061); *Insights on the Scriptures* (WTBTS, 1988b:245).